# *Vrae en Antwoorde*

Laat ons net ’n oomblik bly staan vir gebed.

Dierbare God, ons dank U vanaand vir, eerstens, vir Jesus Christus, ons Verlosser. Ons dank U omdat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Ons dank U vir mense wat dit glo. Ons is so bly dat ons ’n God het, nie net ’n denkbeeldige god, ’n denkbeeldige afgod, ’n denkbeeldige gees nie; daar’s niks denkbeeldigs daaromtrent nie—’n ware en lewende God wat met ons en in ons lewe en deur ons werk. Maak nie ’n standbeeld vir God nie, maar ons is lewende ewebeelde van God . . . Die Heilige Gees, wat nie spreek deur ’n standbeeld nie, maar spreek deur ’n verloste werktuig—God gemanifesteer in vlees. Hoe dank ons U nie hiervoor nie, die groot Vuurkolom wat ons volg, of ons wat Dit volg, liewer, en vir al die groot manifestasies van dieselfde Gees wat dieselfde werk doen wat Dit altyd gedoen het, toe Dit na die aarde gekom het. Watter vertroosting gee dit ons nie.

2 Ons het vanaand byeengekom, Here, met geen ander doel nie as om te weet hoe en te leer hoe, deur U hulp, om beter Christene te wees en meer geskikte onderdane vir hierdie uur wat ons benader. Sal U ons nie help nie, Here; ons het U nodig. In Jesus’ Naam. Amen. (Julle kan maar sit.)

3 Met omtrent nog dertig of veertig vrae, weet ek—ek nie hoe ek ooit by hulle sal uitkom nie. Ek het hard probeer vanmiddag om te kyk of ek hulle nie minstens net na normaal toe kon afbring nie, maar ek kon dit nie doen nie. Maar ek wil sê dat ek die allerbeste gaan doen wat ek kan om—om hierdie vrae te beantwoord, want hulle is goeie vrae, wat uit die harte van Christene kom. En ek—ek wil beslis alles doen waarvan ek weet hoe om hulle te beantwoord net so verstandig as wat ek weet hoe om hulle te beantwoord. En ek—ek wil die Here bedank vir hoe Hy gehelp het vanmôre om ons te help om—om ’n houvas te kry op hierdie vrae en om—en om—die antwoorde wat Hy ons wel gegee het.

4 Nou, ek het hulle sommer almal deurmekaar hierin, ek skat nog so honderd-en-vyftig. En ons het uitgekom by omtrent twintig, skat ek, vanmôre. En—en so nou, voor ons begin, wil ek net graag sê dat as enigiemand hierdie artikel wou sien oor *’n Kerk Ruk terwyl die Dromme Rol*, die Presbiteriaanse prediker wat hier sy gemeente lei in ruk-en-rol, ’n program vir die—vir die sakrament . . . Laat ek net kyk net vir ’n oomblik.

5 “Jeugdige lidmate laat waai op jazz—jazz. Passiespel vertel van die kruisiging in moderne i-d-i-o-o-m, ruk-en-rol.” Die pastoor hier lei al die tieners daarnatoe en gaan deur die lydensweg van Christus, die kruisiging uitgespeel in ruk-en-

rol en jazz. Wel . . . Dis in Maryland. Nou, is dit nie vir jou 'n ding nie?

6 En dan, hier is die foto van daardie . . . Ek het julle vanoggend vertel van daardie Beatles, *Terugkeer van Beatles*, en daar's die artikels; julle moet dit sommer uit die tydskrif lees en alles oor die verskillende goed. " . . . as't ware, 'n nuwe godsdiens gestig het." Nou, hulle bestuurder . . . Ek het 'n nota uit die koerant hier. Julle het nie tyd nie . . . As enigiemand hierdie wil lees, of ek kan hulle op die kennisgewingbord plak, dan kan julle hulle lees. En ek wil julle net wys, die uur waarin ons lewe, is skokkend. Julle verstaan dit dalk nie, maar, mense, probeer dit verstaan, dat wat hierdie dinge is! Ek het vir Broer Capps gevra, hy het 'n goeie geleerdheid en kan beter lees as ek, ek het hom gevra om hierdie artikel van die bestuurder van die Beatles te lees. Kan jy dit doen, Broer Capps, sommer nou?

7 [Broer Capps lees die artikel oor die Beatles—Red.]

[Verklaar dat:]

> [Die Beatles wonder oor hulleself en kry geen antwoorde nie. "Dis ongelooflik, absoluut ongelooflik!" sê Derek Taylor, die Beatles se persbeampte: "Hier is hierdie vier kêrels van Liverpool. Hulle is onbeskof; hulle is godslasterlik; hulle is vulgêr; en hulle het die wêreld verower. Dis asof hulle 'n nuwe godsdiens gestig het. Hulle is volkome antichristelik. Ek bedoel, ek's ook antichristelik; maar hulle is so antichristelik, hulle skok my, wat nie 'n maklike ding is nie. Maar ek het 'n obsessie oor hulle. Het almal nie? Ek het 'n obsessie oor hulle eerlikheid, en die mense wat die meeste van hulle hou, is die meeste wat die meeste verontwaardig behoort te gewees het."]
>
> ["In Australië, byvoorbeeld, elke slag wat ons by 'n lughawe aankom, was dit asof deGaulle geland het, of nog beter, die Messias. Die roetes was solied gepak. Kreupeles het hulle kieries weggegooi. Siek mense het na die motor gestorm, asof 'n aanraking van een van die kêrels hulle weer gesond sou maak. Ou vroue het gestaan en kyk met hulle kleinkinders soos ons verbygegaan het. Ek kon die uitdrukking op hulle gesigte sien. Dit was asof een of ander verlosser aangekom het en al hierdie mense was gelukkig en verlig, asof dinge op een of ander manier nou beter gaan word." Taylor het stilgebly en 'n sigaret in sy mond gesteek: "Al ding wat vir die Beatles oorbly," het hy gesê: "is om 'n genesingstoer te onderneem."]

8 Is dit nie wat Hy gesê het nie? "Baie sal na My toe kom op daardie dag en sê: 'Here, het ek nie . . .'" Sien? Nou, kan julle nie sien dat jy nie jou vertroue kan stel op genesingsveldtogte nie? Jy kan nie jou vertroue stel in enige soort teken soos dit nie. Die enigste ding waarin jy jou vertroue kan stel, is SO SPREEK DIE

HERE uit die Bybel. Nou, Kerk, dit is presies waar ek probeer het om julle, my kinders, te hou. En as iets met my gebeur en God neem my uit hierdie aarde uit, moet julle nooit faal nie. Onthou dit met julle hele hart: hou by daardie Woord! Julle moet daardie Woord nie verlaat nie! Enigiets teenstrydig Daarmee, los dit uit, maak nie saak wat dit is nie. Dan weet julle Dis reg. Sien?

9 ’n Genesingsveldtog sowaar! Sondige manne wat selfs hulle eie bestuurders skok met hulle vulgariteit, en vuilheid, en vieslikheid; en mense gooi hulle krukke weg en raak genees deur na hierdie kêrels te kyk. Dis so smerig, en vuil, en antichristelik! Julle sien, dis Satan op ’n spotveldtog. Sien? Hy doen enigiets wat die Christus kan doen, maar hy kan nie die Woord bevestig nie. Sien? Hy sal ’n deel Daarvan hier vat en ’n deel Daarvan hier, maar hy kan Dit nie in die geheel vat nie. Sien? Hy kan Dit nie bymekaar kry nie. So julle sien, geen wonder die Bybel het gesê dit sal byna selfs die Uitverkorenes mislei as dit moontlik was: die antichristelike gees.

10 Nou, selfs hulle eie persbestuurder hier, persbeampte, hy’s vir hulle, glo in hulle, en het gesê hy’s besete van dieselfde ding, want hulle het hom oortuig.

11 Daardie bose dinge, daardie. . . Nou, sien julle nie, vroue, waarom ek julle probeer sê van hierdie kortbroek-draery, hare afsny, kortknip, en dinge. Dis ’n gees. Dit is ’n gees! Hier is dit sommer in ons voorste tydskrifte en alles van wat uitgewys word, ruk-en-rol en goed in die kerk. Wel, dis ’n opset presies vir Satan, en hulle is steeds kerke en denominasies.

12 Terug na die Woord toe, kinders, so gou as julle weet hoe; en moenie waag om Dit te verlaat nie! Hou julle net by daardie Woord.

Sien, hoe daardie antichristelike gees, dit kan in tale spreek, kan tekens en wonders vertoon; dit kan die siekes genees; dit kan al hierdie dinge doen. Sien? Daardie mense dink hulle nader tot God, dat daardie kêrels deur God gestuur is, omdat die kerk verslap het oor die Woord.

13 Daardie kêrels behoort aan die kerk. Elvis Presley is ’n Pinkster. Pat Boone is ’n Kerk van Christus. Kyk na daardie ouens, Pinksters, Kerk van Christus, en hulle almal so met daardie bose geeste op hulle. Red Foley, ’n goue stem, Kerk van Christus, sing die godsdienstige liedere soos niemand hulle kan sing nie en ruk-en-rol in die volgende stem. Aan hulle vrugte ken julle hulle. Kyk aan watter kerk behoort hulle. Elvis Presley is lidmate van die Gemeentes van God. Daar is dit, elkeen van hulle wou dit gehad het, en Satan het dit vir hulle gegee.

14 Sien julle nie, vriende, hoe. . . Moenie daardie Woord laat los nie. Sien, dis ’n gees wat op jou kom.

15 En ek sê vir hierdie vroue, wanneer hulle hulleself wulps laat lyk in hierdie rokke, dat God julle gaan laat verantwoord vir

egbreuk pleeg. As julle glo ek is wat julle sê, God se dienskneg, 'n profeet, luister na wat ek vir julle sê. Sien? Julle kan dit dalk nie verstaan nie, en as julle nie kan nie, dan doen julle net wat ek julle sê om te doen. God sal my verantwoordelik hou vir wat ek sê. Sien? Luister julle baie mooi, en onthou dat daardie dinge gees is.

16 Gewoonlik, miskien doen die persoon nie. . . Onthou julle, *God bedek met vel*, ek het daaroor gepreek nie lank gelede nie (sien, sien?), God met vel daaroor? Nou, onthou net, party van ons word na hierdie wêreld toe gestuur om in hierdie sfere in te breek om vir ons hierdie dinge te sê. Sien? Dis die voorkennis; dis God wat spreek, wys. Wanneer jy enigiets oordeel na die vlees, wel, hulle is onskuldig (kyk hier), goeie mense, eerlik, sal jou nie 'n leuen of enigiets vertel nie. En die hele ding is die duiwel. Godsdienstig, begin selfs 'n genesingsveldtog. Sien? Net presies antichris. Sien? En daar's Presbiteriaanse en dit alles. Sien julle daardie denominasies, hoe hulle maak, sommer net in dieselfde ding?

17 Wel, hier in London, Engeland, sommer onlangs het hulle 'n ruk-en-rol span vir Christus laat verpersoonlik, en Judas, en dit alles, en. . . Hulle het Christus genoem "Pappatjie" en praat met al daardie woord wat daardie mal kinders praat. Sien? Die tienerkinders het die wêreld oorgeneem. Nou, julle weet dat die Bybel dit voorspel: Ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, ongehoorsaam aan hulle ouers (sien?), tieners wat die wêreld oorneem, en dit het dit gedoen.

18 Ek het nou die dag by 'n plek ingegaan; hulle het gespeel hierdie, een van hierdie ou, vuil blêrkaste, al daardie goed. Ek wou nie eens my familie saamneem nie. Ek het vir daardie dame gesê: "Hoeveel kos daardie plate?"

"Tien sent elk."

"Hoeveel sal dit in 'n uur speel?" Sy het my gesê. Ek het gesê: "Hier's die geld; trek die prop uit!"

"Wel," het sy gesê: "ek kan dit nie doen nie. Daardie jongspan kom hier in om dit te speel."

19 Dan kon ek geen geld daar spandeer nie; ek het êrens anders gegaan. Sien? Wel, daardie goed sal jou op jou senuwees maak; jy sal moet gaan en 'n klomp kalmeermiddels kry om te neem nadat jy die mal goed gehoor het. Dit vryf 'n Christen net verkeerd op. As jy van daardie soort goed hou, weet jy wat is verkeerd met jou? Jy het nodig om gered te word, want dit wat in jou is, voed op iets anders behalwe die Woord. Dit voed op . . .

20 Jy sou jou nie kon voorstel dat Jesus so-iets doen nie, sou jy? Kan jy jou voorstel een van die profete doen so-iets? Sien julle nie, vriende, die hele ding in geheel is die duiwel. En die Bybel het gesê hoe hy sou kom in die vorm van godsdiens en presies

soos die Christus sou maak. Sien? Maar al hoe jy dit ooit sal kan uitken, is nie om aan te sluit by *hierdie* kerk, of aan te sluit by *daardie* kerk nie, dis om te hou by die Woord; Hy is die Woord.

21 Nou, die Here seën julle elkeen. Ons gaan net direk na die vrae toe. En nou, vir omtrent... tot omtrent 'n uur en vyftien minute... Ek sal nie deur al hierdie vrae kan kom nie. Daar's net hope van hulle. Ek dink hulle is goeie vrae. Hulle is baie goed. Ek sal net daar inreik en een kies hier-en-daar soos ek aangaan. En nou... dit beantwoord...

Ek sou... ek het gedink ek sou vanaand net hierheen kom, iemand hulle laat lees, sê: "ja" of "nee," "ja" of "nee," oor... Dit laat nie reg geskied aan die mense nie. Hulle het daardie vrae gevra om hulle beantwoord te kry. En ek—ek sal dit nie doen nie, want ek sal uitkom by dié wat ek kan; en wat ek nie kan nie, sal ek die volgende keer by uitkom.

22 En nou, ek—ek... Oor volgende Sondag, weet ek nie. Ek sal julle sê; as julle Billy in die hande kry êrens tussen nou en Woensdag... Ons moet dalk vertrek.

23 Nou, hier's een ding. Ek is ver agter met die onderhoude. Billy het my 'n hoop onderhoude gewys, *so* hoog, wat al, party van hulle, vir maande wag. Wel, terwyl ek hier is, moet ek sommige van hulle inhaal, sommige van die byeenkoms inhaal, alles doen wat ek kan om dit soort van uit te balanseer. Ek gaan bid hierdie week terwyl ek weg is en die Here vra: "Wat wil Hy hê moet ek doen, klaarmaak hiermee of—of die onderhoude waarneem?" As ek die onderhoude neem, dan sal ek sommer gaan... huis toe kom Sondag en die onderhoude regdeur laat loop êrens, en regdeur die dag voortgaan met onderhoude. En as ek dit nie doen nie, wel, sal ek onderhoude moet uitstel tot ek weer terug is. As ek dit nie doen nie, dan sal ek antwoord... sal ek... sal Billy vir julle 'n kaartjie stuur.

24 En ek sê julle; dis lekker, hierdie liewe kinders, om vir julle te sê hoe hulle van mekaar hou, die liefde wat hulle vir mekaar het. Een sal vir die ander een sê en die ander een sal sê... Billy bel net een in 'n seksie, omtrent honderd-en-vyftig myl, en die res van hulle kom in aanraking met die res van hulle. Hulle het mekaar lief. Hulle wil niks misloop nie. Hulle het... wil hier wees elke oomblik om te sien wat aangaan; want as die Here iets sou gee, wil hulle hier wees om dit te ontvang. En ek waardeer hulle.

25 Nou onthou, liewe vriende, vanoggend het ek 'n verklaring gemaak oor party van die vrae. En ek let op sommige van hierdie (ja!) steeds, het vanoggend ingekom, is nog oor mense wat na Arizona toe trek. Sien? Ek het gedink ek sou... dit liewer duidelik maak, sodat julle sou verstaan.

26 Nou, moenie—moenie dink dat ek vir mense probeer sê dat waar hulle kan woon, en wat hulle kan doen nie, en... Nou, ek sê nie dit nie, my liewe broer. Daar's eerlike mense wat

soontoe wil trek. Wel, enigeen wat wil trek, ek sal beslis bly wees—wees, solank as ek daar is wat, so dikwels as wat ek daar is . . . Ek's hier omtrent tien maal wat ek daar is. Ek het . . . Tussen nou en Kersfees, gaan ek omtrent vier dae daar wees. Dan onmiddellik daarna, vertrek ek oorsee. Ek sal hier by die tabernakel wees vir miskien twee of drie weke voor ek oorsee gaan in 'n—'n herlewing, soos ek gewoonlik maak hierdie lente. En dan daarvandaan, ek het net een byeenkoms in die hele Arizona, en dit geskied in Januarie by Phoenix, twee aande saam met die Christen Sakemanne. Sien? Ek gaan nie . . . As die mense daarbuite . . . Kan julle daardie band omdraai?

[Broer Branham vra dat die bandopnemer afgeskakel word terwyl hy met die gemeente praat. Leë kol op band—Red.]

27 Nou, soos ons vanaand begin met hierdie vrae, sal ek een optel hier en . . . Geniet julle dit? Sê "Amen!" [Gemeente antwoord: "Amen!"—Red.] Ek dink dis voordelig vir ons op hierdie tydstip. En o, ek glo spoedig met . . . Het vanoggend, voor ek hiernatoe gekom het, na 'n paar—paar tekste en 'n paar plekke in die Bybel gekyk, ek het gedink: "O, watter wonderlike ding sal dit nie wees . . . Terwyl ons wag vir die Koms van die Here, watter wonderlike ding sal dit wees om terug te neem deur al daardie Ou Testament karakters, deur Job en daardeur, en reekse byeenkomste oor hulle te hou (sal dit nie wonderlik wees nie?), net om julle te wys hoe hulle reg op die dag tipeer (die hele Woord skakel ineen), en alles oor die vernietigings van die—en die antieke tye en hoe hulle tipeer op vandag; hoe alles in die Ou Testament spreek van die koms van die Here Jesus."

**279.** Nou, eerste vraag wat ek hier uitgetrek het: **Broer Branham, is dit verkeerd vir 'n Christen om—om haar hare in krullers te sit? Ook, watter lengte moet haar moue wees? Dankie. 'n Suster.**

28 Nou, dis . . . beteken baie vir daardie vrou. Nou, vir sommige van ons broers, ons dink dalk: "O, die verspotte vrou." Maar—maar dis nie vir haar verspot nie; sy wil graag weet.

Nou, oor hare sit in wat was dit, vlegsels of een of ander iets? Ek's jammer. Ek—ek het nie . . . Dit . . . Ek's jammer. Krullers. Verskoon my. Krullers, vlegsels! Dis wat die meisies jare gelede gedra het. Onthou julle, soort . . . Was dit nie reg nie? Hulle het hulle vlegsels genoem, sommer soort krulle wat afhang? Nee, krullers, verskoon my, vriende.

29 "Watter lengte moue behoort sy te dra?" Ek—ek dink nie dat dit iets daaroor is nie. Ek weet nie. Sien? Wat ek nie met die Bybel kan rugsteun nie, wil ek—ek nie veel oor sê nie.

30 Nou, ek sê dit net vir julle uit myself, want ek het geen Skrif om dit te ondersteun nie. Al ding wat ek vir die dames het oor hulle hare, is om dit nie te sny nie. Hoe hulle dit wil dra, hang van hulle af. En wat die krullers betref, in werklikheid, weet

ek nie wat hulle is nie, tensy dit hierdie goed is wat lyk soos wasgoedpennetjies wat hulle in hulle hare steek, is omtrent al—al ding waarvan ek weet . . .

31 En die lengte van die moue, dink ek, synde 'n Christen, sal God vir jou sê wat om oor daardie dinge te doen. Sien julle? Ek glo as 'n Christenmens sal jy—sal jy weet hoe om dit te doen. Ek dink nie God sny enige sekere lengtes of wat dit ook al is nie. Solank jy ordentlik is en eerbaar en skoon lyk, dink ek—ek dis in orde. En julle? Sien? Nou, dis net my mening. Nou, dit is ek, sien, want ek kan niks anders met die Skrif ondersteun nie.

32 Ek meen vanoggend het die vraag opgeduik oor verf van die hare, weet julle, met 'n—met 'n kleur. Nou, ek—ek . . . dit . . . Ek—ek kan niks daaroor sê nie. Ek weet nie, maar ek—ek—ek—ek het geen Skrif om te sê moenie—moenie jou hare kleur nie. Nou, dis—dis . . .

Julle vroue, julle wil graag goed lyk, en julle behoort goed te lyk. En Broer Branham is nie teen julle kinders nie. Julle is my kinders; ek—ek—ek het julle lief, en ek—ek wil julle nie uittrap nie. Ek—ek sal dit nie vir enigiets doen nie; ek probeer julle net help.

33 Maar nou, kyk, laat ek net vra . . . Laat ek dit sê in antwoord op daardie vraag. Nou, is julle reg? En vir julle op die band, hier is dit, susters: As daar 'n vraag oor is, moet dit nie doen nie. Maar as jy—as jy vervul is met God se Gees en gelei is om dit te gaan doen, solank as dit nie inmeng met die Skrif en nie inmeng met 'n vraag nie, jy volkome tevrede is dat dit die wil van die Here is, gaan dan voort en doen dit (sien?), want daar is geen Skrif om (sien?) daaroor "nee" te sê nie. Ek het nie . . . Sê niks van dié aard in die Bybel nie.

34 Ek weet Jesaja 5, meen ek is dit, het gepraat van vroue, hoe hulle veranderbare kleding sal dra en alles van dié aard; maar dit was trots en goed, aansit. As jy dit doen uit trots, dan is dit verkeerd. Sien? Ondersoek jou hart voor God. As daar geen Skrif daarvoor is nie, en die wyse waarop die Gees jou lei, gaan jy dan voort en doen dit. Maar nou, wanneer dit kom by of jy lang hare of kort hare behoort te hê, dra jou hare lank; dis die Bybel.

35 Daar's 'n vraag hier; ek—ek kan dit sommer nou beantwoord. Dit is hierin; ek het dit vanoggend of een of ander tyd gesien. Het gelui: "Jy pik altyd op vroue, hoe hulle nie hulle hare moet dra nie, maar jy sê nooit enigiets oor die mans nie."

36 As ek 'n man hier sou sien inkom met lang hare wat langs sy rug afhang soos 'n vrou, sou ek sê: "Meneer, hoekom gaan jy nie na die barbier toe nie? Jy lyk soos 'n vrou." Sien? Maar mans doen dit gewoonlik nie. Sien? Nie as 'n man . . . Nou, nie as die onfeilbaarheid van mans nie, hulle is net so skuldig soos die vrou.

En terloops, ’n man wat sy vrou dit laat doen, hy’s dubbeld skuldig daaraan, want hy’s veronderstel om die een te wees wat die sê het in die huis. En daardie man kan nie eens sy eie huis regeer nie; hoe sou hy dit in die huis van God kon doen? Sien?

37 Ek’s so dankbaar vir ons groep vroue wat ons het wat hierheen kom. Ek sê dit met respek en liefde, en nou, God weet dis die waarheid. Ek—ek het altyd ’n predikersvriend daaronder in die Suide gehad wat een van die kerke gehad het wat die skoonste gelyk het wat ek ooit gesien het. Waar dit by die vroue kom, die pragtigste vroue wat ek ooit gesien het, het daar gesit, heilig, godvresend, met lang hare. En ek het dit altyd bewonder om na daardie kerk toe gaan. En die Here Jesus het vir my vandag ’n kerk hier gegee wat daardie een oortref met ’n honderd myl: my vroue.

38 Ek skel julle nie om gemeen te wees nie; ek’s maar net so gelukkig om julle te hê. Ek wil net nie hê Satan moet êrens ’n vastrapplek kry nie. Sien? Ek wil hê julle moet opwaarts beweeg, nie agteruit nie. Laat geen man julle net ooit bedrieg deur enige betowerings, of so-iets soos daardie nie, of iets deur te sê: “O wel, dit maak nie. . . ” Sien? Dis hoe Satan die Woord vir Eva geïnterpreteer het. Sien? Glo julle net wat die Woord sê. Goed.

**280. Baie dringend. Broer Branham, in die wete dat tyd aan die eindig is en die ewigheid begin intree, wat sou jou raad wees vir ’n paartjie wat ’n troue beplan?**

39 Gaan net voort en trou. Sien? Gaan net voort asof julle vir nog honderd jaar hier op aarde gaan leef. Gaan maar net voort; hou julle hart gevestig op Christus, nie julle harte op hierdie dinge van die wêreld nie, maar op Christus. Sien? Gaan net reguit voort; trou, kinders. God seën julle in julle troues.

**281. Liewe Broer Branham, ek is gedoop in Jesus se Naam. Die Woord sê jy sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Beteken dit—beteken dit die doop, die Heilige Gees, of beteken dit ek moet die gawe. . . definitiewe. . . ek moet ’n definitiewe ondervinding met die doop ontvang? Ek is gretig om—om vervul te word met die—die Gees. Verskoon asseblief die lang nota, aangesien ek jou al vir ’n lang tyd hierdie vraag wou vra. Dankie.** En die persoon het hulle naam geteken. Hulle is mense van buite die dorp.

40 Nou, daar’s ’n goeie vraag. Nou, die doop met die Heilige Gees is ’n definitiewe ondervinding wat ’n persoon moet ontvang. Nou laat ek dit soort van duidelik maak net vir ’n oomblik. Sien? Nou, baie mense het die—die idee. . . Ek glo dit word verdraai. En miskien is daar net hier vir die kerk en vir die kerk wat luister, dalk ’n vraag. Nou, wanneer ek praat van nie te glo dat die aanvanklike bewys van die Heilige Gees is die spreek in tale nie (ek—ek aanvaar dit nie), reken ek, met God se hulp, kan ek bewys dit is in die Bybel dat dit verkeerd is (sien?), omdat die

spreek in tale 'n gawe van die Heilige Gees is. Hoeveel weet dit? Goddelike genesing is 'n gawe van die Heilige Gees, en hier doen Beatles dit. Sien?

41 Satan kan enigeen van daardie gawes naboots. Hekse, towenaars kan in tale praat en dit uitlê. Die oerwoudlande, baiekeer sal 'n towenaar in tale praat, bloed drink uit 'n menslike skedel, en onbekende tale uitlê.

42 Daar in Arizona wanneer hulle die ou feestelike dans het van die mieliedans, draai die Indiane hierdie bulslange om hulle wanneer hulle tot God probeer bid om vir hulle reën te stuur vir hulle mielies. Hulle noem dit die mieliedans. Hulle vat die baard van die mielie, sit dit om hulle, en maak 'n wolkie, en hulle dans. En die toordokter kom uit met horings op sy kop, buffelhorings. En hulle dans met hierdie bulslange om hulle, en die towenaars en baie van die pyprokers en dinge om die plek rond . . . Hulle sal nie 'n witman toelaat op daardie tydstip nie, maar ek het hulle al deur die verkyker dopgehou, en het Indiaanse vriende wat na hulle danse toe gegaan het; dis nou dié wat nie Christene is nie, natuurlik. En hulle dans hierdie mieliedans terwyl hulle hierdie slange vashou. En die towenaar kom uit, en sny homself met messe, en wat nog, en uiteindelik raak hulle in die gees, en praat in tale en lê dit uit.

43 Ek het . . . sou julle kon neem net binne drie of vier uur van nou af, waar 'n medium 'n potlood op die tafel sal laat lê, en in 'n beswyming en allerhande soort dinge gaan, en hulle hande wuif; en daardie potlood sal opstaan en in onbekende tale skryf, en die towenaar sal jou staan en vertel wat dit sê.

44 Nou, dis geen bewys van die Heilige Gees nie. Sien? Jy kan nie daarop staatmaak nie. Jy kan nie op die vrugte van die Gees staatmaak nie, omdat die eerste vrugte van die Gees liefde is. En die Christen Wetenskappe beoefen meer liefde as enigeen waarvan ek weet, en hulle ontken selfs dat Jesus Christus Goddelik is. Sien? Daar's net een bewys van die Heilige Gees waarvan ek weet, en dit is 'n egte geloof in die beloofde Woord van die uur!

45 Nou, daardie Jode het gekom; hulle het meer godsdiens gehad as wat die dissipels gehad het. Hulle was beter geleerde manne in die Skrifte as wat die dissipels was, want hulle was vissermanne, belastinggaarders, ensovoorts. En hulle het regte geloof en opregte geloof gehad in wat hulle gedoen het. Nou, luister nou mooi; moet dit nie mis nie! Sien? Wanneer dit kom by vrugte van die Gees wees, vriendelik en sag, skat ek was daar nie een van daardie priesters wat nie kon uitblink bo Jesus Christus daarin nie. Hy het na die tempel toe gegaan, toue gevleg, hulle in toorn aangesien, en hulle tafels omgegooi, en hulle by die plek uitgejaag. Is dit reg? Die Bybel het gesê Hy het hulle in toorn aangesien. Die Bybel het dit gesê. Dis presies reg.

46 So sien, daardie priesters was sagte, sagmoedige, begrypende manne. Wanneer dit kom by die vrugte van die Gees, kon hulle meer vrugte van die Gees vertoon as wat Jesus ooit kon. Wanneer dit by teologie kom, het hulle nie geweet. . . 'n skool gehad waaruit Hy gekom het nie. "Waar kom hierdie man vandaan? Waar het hy vandaan gekom? Watter gemeenskapskaart het hy? Aan watter organisasie behoort hy? Ons weet nie waar hy vandaan kom nie. Hy was net absoluut 'n verworpe kêrel wat 'n buite-egtelike geboorte gehad het. Wel, ons sou hom hier in 'n paar minute kon afskiet en julle deur die wette toon. . . " Hulle het 'n reg gehad om te doen wat hulle het toe dit daarop neergekom het. Waarom? Want hulle het nie gesien dat Hy daardie beloofde Woord van die uur was nie. Die enigste manier wat hulle dit herken het, toe Jesus die Woord uitgevoer het deur vir hulle te kon sê wat hulle in hulle harte gehad het, wat hulle gedoen het. . . Hy was 'n Profeet volgens die Woord van God. Wat Hy gesê het, is vervul, elke woord, woord-vir-woord.

47 Hy was God se Profeet, Dienskneg, God die Profeet. Nie. . . Dit was—was—was tevore daar, die profeet van God, en hierdie is God die Profeet, nie die profeet van God nie. Dit was Maleági, Jeremia, en Jesaja, en Elía, ensovoorts, maar hierdie was God die Profeet, nie die profeet van God nie. Het julle dit nou?

Al die profete wat Sy lewe ten dele uitgebeeld het, het hulle rol gespeel, maar in Hom was die Volheid van al die profete. Die profete, die Woord van die Here het tot hulle gekom, die profete, maar Hierdie was die Woord en die Profeet, dieselfde Persoon. Sien?

48 Nou, nou, wanneer 'n mens vir Christus ontvang op die wyse waarin Hy is, kan jy dit nie aanvaar as synde. . . Sien? Nou, sommige van hulle sê: "Wel, ek's 'n Lutheraan." Wel, daar's niks daarteen nie, maar die Arende voed nie daarop nie. Sien? Dit was so ver dit was; daardie was vars voedsel van daardie dag.

"Ek's 'n Wesleyaan." Dis in orde, maar jy lewe in die verlede. Sien?

Nou, daardie mense het gesê: "Wel, ons het Abraham vir ons vader."

Daardie profeet het gesê: "God is in staat om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek." Sien?

"Ons behoort *hieraan*. Ons behoort *daaraan*."

Dit het niks gehad. . . Hy het gesê: "Julle addergeslag, wie het julle gewaarsku om van die toorn weg te vlug? Moenie begin sê: 'Ons het Abraham vir ons vader,' nie, want God is in staat om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek." Sien?

49 So om 'n goed-opgeleide teoloog te wees, het niks daarmee te doen gehad nie. Om sagmoedig en saggeaard te wees, het niks daarmee te doen gehad nie. Wat het Hom anders gemaak? Hy

was die Woord wat vlees geword het, nie die Woord vir die dag van Moses nie, Moses was daardie dag, Woord; nie die Woord vir die dae van Noag nie, Noag was die Woord vir daardie dag; nie die dag. . . die Woord vir die dag van Elía nie, Elía was daardie Woord vir daardie dag; maar Hy was die teenswoordige tyd Woord, en hulle het in die verlede gelewe.

50 Dieselfde ding herhaal! Dis die bewys van die Heilige Gees, wanneer God aan jou openbaar en jy dit sien, SO SPREEK DIE HERE en dit aanvaar. Nie wat jy is, wat jy was, of niks daarvan nie, dis wat God nou vir jou gedoen het. Dis die bewys.

51 Jesus het gesê. . . Hy gee vir ons die bewys van die Heilige Gees, Johannes 14. Hy het gesê: "Ek het baie dinge om vir julle te sê. Ek het nie tyd om dit te doen nie, maar wanneer die Heilige Gees kom, sal Hy julle sê, julle herinner aan die dinge waarvan Ek julle vertel het, en sal julle ook dinge toon wat moet kom." Sien julle nie? Daar's die bewys. Dis voorspelling en om te wees. . . om die Goddelike Interpretasie van die geskrewe Woord te hê. Nou, is dit nie die bewys van 'n profeet nie?

52 'n Siener in die Bybel was 'n mens wat kon voorspel en dit sou perfek, presies wees, nie iemand wat hande op hom gelê het nie, dis 'n gawe. 'n Profeet is voorbestem en gebore om 'n profeet te wees. Sien? Deur die hele lewe was dit 'n profeet, dis 'n amp. Dis waar die mense. . .

53 Baie van die vrae hieroor: "Wel, sal die Bruid. . . ?" "Sal *dit*. . . ?" "Die kerk en. . . " Sien? Jy—jy kan nie skei wat hulle is nie. Die Bruid is die Uitverkorenes van God. Die kerk gaan deur. . . Dis diegene wat Daar staan: "Wie ook al wil, laat hom kom." Maar die Bruid is die Uitverkorenes van God.

54 Daar is vyf ampte gekies deur God. "Want God het in die Kerk ingestel apostels, profete, leraars, pastore, evangeliste." God het dit gedoen. Die mens het diakens ensovoorts, en wat nog, maar sien julle, maar God het in die Kerk ingestel vir die vervolmaking van die Kerk; kan dit nie skei nie.

55 Nou, die Heilige Gees, wanneer Dit kom, is Dit 'n getuie vir jou (sien?) dat hierdie Woord reg is, die Woord vir vandag, nie die Woord vir Luther, die Woord, nie vir Moses nie. Ons getuig Dis die Waarheid, maar dis 'n ander dag.

56 Nou, wat as Jesus sou kom en sê het: "Nou, soos Moses gekom het om julle almal uit Egipte uit te neem, het Ek gekom om julle êrens anders heen te neem"? Wat as Hy sou gesê het: "Laat ons te werk gaan en 'n ark bou. Ek—Ek's die Here God, Ek—Ek gaan die wêreld nou laat wegdryf. Ek gaan die wêreld laat verdrink, hulle almal"? Wel, Hy sou wees buite die. . . Sien, die Skrif het nooit gesê Hy sou so kom nie. Sien? Hy sou nie die Messias gewees het nie. Maak nie saak hoeveel van 'n ark Hy sou gebou het, of wat Hy ook al gedoen het nie. Hy's steeds nie. . . Hy sou nie as

die Messias gekwalifiseer het nie. Halleluja! Daar het jy dit! Dis kwalifisering! Ja, meneer!

57 I Korinthiërs 13 sê dit: "Wanneer dit wat volmaak is, gekom het, sal dit wat ten dele is, mee weggedoen word." So, al hierdie klein dingetjies van op-en-af spring soos 'n kind, in tale probeer praat, en al hierdie ander dinge, wanneer dit wat volmaak is... En ons het vandag, met God se hulp, die volmaakte interpretasie van die Woord met Goddelike bevestiging! Dan word dit wat ten dele is, mee weggedoen. "Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, ek het verstaan soos 'n kind; maar noudat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê." Amen! Ek raak aan die preek en kom dan nie by hierdie dinge uit nie.

**282. Broer Branham...** (Het ek dit klaargemaak? Het ek gekom by die doop van die Heilige... Ja, dit was daaroor, was dit nie? Goed. Verskoon my, as ek nie daarby uitkom nie, vergewe my maar net. Ek... Dis sulke wonderlike vrae hierdie. Jy kan sommer een hele aand by net een vraag bly, broer, en dit dan nie eens aanraak nie.) **Ek waardeer jou as 'n dienskneg van God, die glo... en ek glo die Boodskap van die Waarheid. My vrou wil my nie hoor... enigiets sê... enigiets sê oor hierdie Boodskap nie, en wil nie na enige band luister nie. Ek het ook 'n senuweeprobleem by my werk. Ek wil hê my vrou moet ook glo en bid vir my kinders. Broer Branham, ek wil 'n vriend van God wees... Ek wil in God se wil vir my lewe gevind word. Ek wil Sy dienskneg wees.** (En die persoon teken "**agterop**." Wag 'n bietjie.) **Toe ek klein was, het ek vir almal gesê ek wil 'n prediker word. Ek weet nie wat God wil hê ek moet doen nie. Ek is gewillig om enigiets vir die Here te doen. Uwe in die Here.**

58 Nou, 'n goeie vraag. En die man is opreg. Sy vrou, sy metgesel wat 'n deel van hom is... Mag ek hier iets daarby voeg? My broers, ek sê dit in die Naam van die Here. Een van hierdie dae, as die Here wil, dink ek sal ek net voortgaan en daardie band maak oor *Troue en Egskeiding* (sien?), dit net hier by die tabernakel lewer. As dit skeiding bring, sal dit maar net skeiding moet bring. Maar ons gaan bewys dis die Woord van die Here.

59 Kyk, my broers. Luister hierna. Het julle geweet dat jy baiekeer die verkeerde maat kry hier op aarde? 'n Mooi paar bruin, of blou, of grys oë verlei jou tot op 'n punt dat jy—dat jy nie moes geluister het nie. Baie mans besef dit.

60 'n Man wat trou, behoort dit eers met gebed te benader. Jy moenie 'n vroue kies oor uiterlike skoonheid nie, maar innerlike skoonheid, een wat 'n moeder vir jou kinders sal wees.

61 Ek weet hierdie gaan vreeslik klink vir 'n prediker om dit van die preekstoel af te sê. Maar ek het altyd saam—saamgegaan met beeskopers toe ek in die Weste was. Ons sou stoetbeeste koop, en hulle sou met 'n trop wou begin. En ek het baie daar geleer

wat...terwyl ek daardie afslaers dopgehou het en die dinge wat hulle doen, daardie kopers. Ek het altyd saam met ’n ou kêrel gegaan, wat hier kerk toe gekom het by my, en vir wie ek na Christus toe gelei het, ’n volkome ongelowige aan die begin, Mnr. Jeverez. Baie van julle onthou hom nog, ’n beesboer van Colorado. Ons sou gaan, en hulle sou inkom... ’n koei.

Ek het eendag ’n stoetversie sien verkoop vir elfduisend dollar, net ’n klein kalfie; sy is nog nooit gebruik om mee te teel nie. En ek het gesê... en Jeff het gesê: “As ek die geld gehad het, sou ek dit in daardie kalf belê het.”

En ek het gedink: “Nou, hy’s ’n beesboer; hy verstaan sy besigheid.” Ek het gesê: “Jeff, waarom sou jy...Wat is die kwalifikasie? Sy’s ’n Hereford. Daardie een wat ’n rukkie gelede verkoop is vir driehonderd dollar, het vir my gelyk na ’n groter kalf en alles.”

62 Hy het gesê: “Kyk, Billy, daar’s een ding wat jy nie verstaan van beeskoop nie.” Het gesê: “Ek dink jy moet jou hou by jou padprekery.” Maar het gesê: “Jy verstaan nie beeste nie.” Hy het gesê: “Nou, kyk na daardie kalf daaronder.” Ons het soontoe geloop. Het gesê: “Sien jy daardie wilde kyk in haar oë?”

Ek het gesê: “Ja.”

Het gesê: “Haar kinders, en haar kleinkinders, en haar agter-agter-kleinkinders sal nog daardie wilde kyk hê.” En het gesê: “Hulle sal hulleself arm loop. Hulle sal nooit ’n moeder vir hulle kalwers wees nie.” En het gesê: “Jy sal hulle nooit kan vet maak nie; hulle sal nooit beesvleis word nie.” Hy het gesê: “Kyk na hierdie kalfie hier wat verkoop is. Kyk hoe mak lyk sy. Kyk na daardie vreedsame trek op haar gesig, daardie sagte trek, geen staar in haar oë nie.” Het gesê: “Sy sal ’n ware mamma wees vir haar kalf; en haar kalf se kalf, en kalf se kalf sal aanhou so wees.” En het gesê: “Hulle sal almal mammas wees, as hulle die regte soort stoetbul kan kry vir daardie kalf (sien?), wat hulle kinders sal maak. Maar daardie staar trek op die gesig sal altyd ’n swak beestrop maak, as ’n man beeste probeer koop.”

Ek het gesê: “Ja, meneer! Dankie.”

63 En dieselfde ding is van toepassing op vroue. Vat jy een van daardie geverfde gesigte en starende oë, lyk soos een of ander soort dier, probeer haarself ontsier van ’n menslike wese, sy sal nooit enigiets word nie. Sy sal die heeltyd hardloop. En Christelikheid is nie uiterlike skoonheid nie, dis innerlik: van vrede, rus, versier hulleself met ’n vreedsame, rustige gees, wat van groot waarde is voor die Here. Dis waarna ons wil kyk in ’n vrou, en in ’n man, en wie dit ook al is. Nou...

**283. Broer Branham: Vrae: Behoort ’n Christelike vrou eenvoudige juweliersware te dra, soos halssnoere of pêrels?**

64 Wel, suster, ek weet dit beteken vir jou baie, en dit beteken vir my baie dat jy jou vertroue daarin stel dat ek jou die waarheid sal vertel. Nou onthou, die Bybel het gesê: "Wanneer julle versier, versier nie met—met kosbare juwele, en pêrels, en allerhande dra van juweliersware nie, maar laat dit die versiering wees van 'n vrede, en rustige, en sagmoedige gees (wat ek pas aangehaal het), wat van 'n groot waarde is voor die Here."

65 Nou, ek bedoel nie daarmee, suster, dat as jy 'n speld gehad het. . . Nou, dit is ek, nie die Here nie. As jy 'n speld gehad het wat jy wou dra, of 'n halssnoertjie wat jou man vir jou gegee het, of miskien jou . . . so-iets wat jy gedra het, nou, vir my, ek dink nie dis sleg nie. Nou, dis net ek. Nou onthou, ek maak dit duidelik; dis my opinie. Maar ek dink dis hoe jy dit benader; dis die manier waarop jy dit doen. Sien? Dis die motief daaragter. En wanneer jy sien dit kry 'n houvas op jou, los dan die ding uit. Maar ek dink as jy jou trouring dra . . .

66 Nou, ek weet julle Nasaréner-mense, dit was altyd so dat julle nie eens 'n vrou met 'n trouring aan wou doop nie. Sien? Ek—ek glo nie, dit is nodig nie. In die Bybel het hulle trouringe gedra, net dit was 'n tablet het hulle dit genoem, om hulle kop, nege muntstukke daarin. Maar ek . . . om te wys dat hulle getroud is. Nou, ek dink dit is in orde.

67 As vroue wil aantrek en—en hulleself ordentlik, rein, soos 'n dame wil laat lyk, wel, ek dink daar's niks daarteen vir my nie. Maar wanneer jy kom by daardie ding gaan stel om dit tot 'n bietjie trots te maak, dan is jy verkeerd. Dis jou gesindheid.

68 Onthou julle vroue hier nie lank gelede nie, het hulle gehad wat hulle genoem het "skandaalrompe"? Ek dink hulle kom nou weer uit, of hulle het erger geword. Wees. . . Ja, hulle is "skandalig" nou, in plaas van "skandaal". Maar hulle het altyd 'n toneelstuk gehad destyds nie lank gelede nie . . . Hulle het die meisies gehad, jong vroue . . . En natuurlik, die oues het dit ook gedoen, want hulle wil almal jonk wees. Ek bedoel nie julle susters nie, ek bedoel die vroue van die wêreld. En hulle sou hulle—hulle romp hoog op afsny, omtrent 'n voet hoog elke keer, dan een of ander soort onderklere dra wat mooi lyk. En wanneer hulle 'n tree gee, sou dit hierdie onderklere wys met die kant, en valletjies, of wat dit ook al was daarop. Wat, weet julle . . .

69 Daar was 'n—'n meisie wat na my toe gekom het, wat 'n Dunkard-meisie was, het pas die Heilige Gees ontvang. Sy het aan die Gemeentes van God behoort, en dit was in Fort Wayne, Indiana, waar ek getroud is. En sy het na my toe gekom, 'n goeie dametjie, en sy het gesê: "Broer Branham, ek wil jou 'n vraag vra."

Ek het gesê: "Nou maar goed, Suster, wat is dit?"

Sy het gesê: "Dink jy dis verkeerd vir 'n meisie om—Christenmeisie om 'n 'skandaalromp' te dra?"

Ek het gesê: "Suster, dit is een ding wat ek—ek net nie kan verstaan nie. Wat is 'n 'skandaalromp'?" En sy het vir my gesê wat dit is. Ek. . .

Sy het gesê: "Dit wys die onderrok."

70 Ek het gesê: "Wat—wat is in 'n vrou wat haar haar onderklere vir een of ander man wil laat wys? Wat sou. . . Watter—watter bedoeling het 'n Christenmeisie om so-iets te doen? Kan jy jou voorstel 'n Christen?"

71 Nou, kyk, 'n man, daar's nie veel aan hom wanneer dit by 'n liggaam kom nie. En hy, as hy half kaal rondloop, sou dit—daar sou geen skandaal daaraan wees nie. Kies nie kant vir mans nie, maar hulle. . . Julle weet dat—watter soort vrou sou uitgelok word deur 'n man met sy hemp uit en kortbroek aan of wat hy ook al aangehad het? Die groot ou frisgeboude ding, dit lyk slap en sieklik, ek. . . vreeslik. Sien hierdie mans hierbuite. . . Wel, ek dink dit sal 'n vrou laat opgooi om na so-iets te kyk. As sy sou. . . Maar nou, vat jy 'n vrou en stel haar so, dis 'n ander tempel. Verstaan julle? Goed.

72 Maar ek dink wat 'n halssnoer betref, of. . . Nou, as jy jouself gaan belaai asof jy hier deur die tien-sent winkel gegaan het met 'n magneet aan jou, dink ek—ek dat. . . Verskoon dit, ek het nie bedoel om dit so te sê nie, maar dit—dis verkeerd.

73 As enigiets my die eerste keer laat draai het teen my. . . my skaam gemaak het vir Amerika, was. . . Ek was in Switserland eendag, en ek en Broer Arganbright het 'n goeie plek gekry daar ver onder by Lausanne waar ons 'n groot, goeie biefstuk kon kry, omtrent *so* groot rondom, weeg omtrent driekwart pond, dink ek, vir om-en-by dertig sent in Amerikaanse geld. O, ons het soos konings gelewe! Elke dag sou ons soontoe gaan. En hulle almal drink daar wyn, julle weet; hulle water is nie lekker nie. En ek wou nie daardie wyn drink nie, so ek het vir my 'n flessie gekry by die. . . 'n drankwinkel wat gedistilleerde water gehad het. En ek het daardie fles saamgedra oral waar ek gaan. Ek skat almal het gedink: "Daardie kêrel dra sy eie soort." So ek het dit in my hand gehad. Ons het daar gegaan na hierdie plek toe waar al die—wat hierdie biefstukke verkoop, en eendag het *Mejuffrou Amerika* aangery gekom. Om-en-by 'n '28 model Chevy, het 'n poedelhond gehad wat op die skoot sit en dit daar ingebring, en sy het genoeg. . . Daardie twee vroue het genoeg tien-sent winkel juweliersware gehad, yslike groot, lang goed, en oorringe, en wat ver afhang, en verf; en hulle albei vyftig jaar oud, so oud soos ek. En jy sou dink hulle wou vyftien wees. Maar wat probeer hulle doen? Hulle probeer die lewensweg ry deur in 'n truspieël te kyk, deur terug te kyk na wat hulle gewees het.

74 Nou, Christen doen nie dit nie. 'n Christen probeer nie wees wat hy was nie; hy kyk nie na waar hy was nie, hy kyk na waar hy heengaan. Sien, sien? Moenie enige aandag gee aan wat jy toe

was nie; jy het dit al klaar geleef. Jy sal nooit daarheen terugkeer nie; dis in die verlede. En enige mens wat op die lewensweg ry en deur 'n truspieël kyk, sal verongeluk; en jy sal ook op hierdie Christelike pad. Moenie terugkyk na wat jy was nie, kyk na wat jy gaan wees. Paulus het gesê: "Terwyl ek vergeet van daardie dinge wat agter is, jaag ek na die doel van die hoë roeping."

75 Nou, maar dit het jou laat skaam word. Hulle het hierdie klein, ou stinkende hondjie daar ingebring en dit op die tafel gesit! Nou, dit sou enigeen laat opgooi! En speel net daar met daardie hond, sit dit reg daarop met hulle hande, en gaan dan eet met daardie selfde hande! En die kelner het daar aangekom, en iets gemompel. Dr. Guggenbuhl was by my; hy het begin lag, en sy kop weggedraai.

Ek het gesê: "Wat is—wat het hy gesê?"

Het gesê: "Die kelner het gesê: 'Haal dit af!'"

Hulle het gesê: "Nee, sy's 'n Amerikaner; los haar uit." Met ander woorde: "Sy weet nie van beter nie." Sien?

76 Toe ek by Sint Angelo in Rome gekom het (nou, dink net hieraan), by die Vatikaan in Rome, Italië, het hulle 'n kennisgewing opgehad by Sint Angelo: "Aan die Amerikaanse vroue: Voor jy by hierdie katakombe ingaan, trek asseblief klere aan om die dooies te eer"; die Katolieke kerk. Sien?

**284.** Vraag: **Broer Branham, waar sal die Bruid wees wanneer die aarde ontplof en uitbrand? Sal Dit wees op 'n plek soos die kinders van Israel in Gosen was toe die plae gekom het? Sal die Bruid op aarde wees terwyl dit plaasvind? Indien wel, waar? En sal die Bruid almal in een plek wees in die tyd van die Wegraping?**

77 Die Bruid, wanneer die aarde ontplof. . . Die tyd van die Wegraping sal die ontwaking van die dooies en die saamkom van die lewendes wees, vir. . . met die lewendes, vir die Wegraping om plaas te vind. Nou, maar die Bruid. . . Nou, sien, een van hulle is 'n Wegraping ver terug hier voor die Millennium. En wanneer die aarde uitbrand is hier na die Millennium en na die Wit Troon oordeel. Sien? Die Heiliges sal in 'n laer wees oor die breedte van die aarde wanneer Satan naderkom rondom die geliefde Stad en God vuur en swael laat reën uit die Hemel en hulle vernietig. Goed. Nou, dis die Skrif.

**285. Ook, Broer Branham, ek glo 'n vrou moet onderdanig wees aan haar man. Maar as 'n Christenvrou 'n sondaarman het, wat nie eens na een van jou dienste. . . na een van jou dienste toe kom nie en nie wil. . . en wil hê sy vrou moet dinge doen, haar hare afsny, kortbroek dra, en na goddelose plekke toe gaan, is hierdie vrou veronderstel om onderdanig te wees aan hierdie man op hierdie manier? Maak dit asseblief duideliker, aangesien dit 'n vraag is wat dikwels gevra word.**

78 Nee, Suster, jy is nie onderdanig aan so ’n persoon nie. Nee, inderdaad nie. Vir hierdie saak sal jy alles verlaat en God aankleef. Nou, die ding. . . As jy wil. . . daardie man saam met jou wil leef, en jy ’n. . . Christen wil bly. . . Maar as hy jou kortbroek gaan laat dra, jou hare laat afsny, en al hierdie ander dinge doen, en goddelose plekke, soek jy eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid. Jy’s nie verbonde aan so ’n persoon soos dit nie. “Maar solank,” sê die Bybel: “as wat sy tevrede is en hy tevrede is om saam te woon (onthou julle dit?), laat hulle . . . ”

En nou, hierdie, ek het nie die Skrifte neergeskryf nie, want ek het hulle pas opgetel (julle sien?) ’n paar minute gelede. Ek tel af-en-toe een op wat ek nie tyd gehad het . . .

79 Maar Paulus het gesê dat solank hulle . . . ongelowige man het ’n ongelowige . . . of gelowige vrou of sovoorts, laat die gelowige vrou by die gelowige man bly, solank as nou nie teenstrydig is met God nie. As hy tevrede is om by haar te woon . . . “Gaan voort, Skat, as jy wil kerk toe gaan, is dit in die haak; maar ek gaan nie. Ek glo nie daarin nie; het niks daarmee te doen nie. Maar gaan jy voort; dis in die haak.” Maar wanneer hy sê: “Jy kan dit nie doen nie,” nou dis ’n ander ding. Jy’s dan nie daaraan gebonde nie; jy skei alles af vir God.

**286. Broer Branham, is dit** (Laat ons sien.) **. . . vir ’n persoon wat ’n—wat ’n lewende, geskeide maat het wat hertrou voordat hy onder die Boodskap gekom het, om te bedien?**

80 Wel, in I Timótheüs 3:2, as julle dit wil neerskryf, en Titus 1 tot 6 (Ek het daardie een neergeskryf), ek wil hê julle moet dit lees vir hierdie vraag. Sien? As ’n man—as ’n man die amp van ’n biskop of ’n prediker (een of ander ding in die kerk) verlang, moet hy slegs een vrou hê. Dis reg! ’n Prediker. Nou, dis I Timótheüs 3:2 en Titus 1 tot 6. Nou, Titus 1 tot 6, ja! Goed. Nou, let op dat die Bybel dit gesê het dat daardie man wat ’n prediker in die huis van God is, sal een vrou hê. Nou.

**287. Liewe Broer Branham, naastenby tien jaar gelede het God my nou ontmoet en genees wat die gawe van liefde, of geopenbaar wat die gawe van liefde is, en net so is my gebed vir . . . dat ek sal terugkeer. Sal ek dit ontvang voor ek sterf? Sal my man die Woord hoor, en wat moet ek doen?**

81 Dis meer van ’n vraag. Nou, sy het gesê . . . Nou, wat dit hier is, of wie . . . sy het gesê: “My man,” so ek veronderstel dit sal die vrou moet wees wat dit gesê het. Nou, sy het haar eerste liefde verloor. Sien? Sy—sy het koud geword in die Gees. Nou, Suster, miskien omdat jy steeds kerk toe kom en doen wat reg is, het jy nie jou verlossing verloor nie, maar jy het die vreugde van jou verlossing verloor. Dawid het eenmaal tot die Here geroep: “Here, herstel vir my die vreugde van my verlossing.” Jy is steeds ’n Christen, maar ek . . . wat jy moet doen, Suster, is raak los van alles wat jy weet hoe, en soek God, en bid.

82 "Sal my man die Woord hoor, en wat moet ek doen?" Soos ek vanmôre gesê het, wees net sout: "Julle is die sout van die aarde." Jou man sal jou rein lewe sien, en die man wat 'n ongelowige is, sal vir die Here geheilig word deur die gelowige vrou. Soek maar net die Here, bly nederig, en bid die heeltyd, gee lof aan God, en wees goed teenoor jou man solank hy gewillig is om op daardie manier saam met jou te lewe.

**288. Vir Sondagdienste: As 'n vrou oortree met 'n . . .** (Nou, wag 'n oomblik; ek moet dit liewer eers vir myself lees. Sien julle? " . . . met 'n getroude man, berou het en dit regmaak volgens . . . moet sy . . . vrou en man betrokke, selfs al weet hierdie vrou dink nie . . . " Goed. Hierdie is in orde.) **As 'n vrou oortree met 'n—'n getroude man, berou het en dit regmaak met haar man volgens die Skrifte, het sy nodig om na die vrou van die betrokke man te gaan, selfs al weet hierdie vrou nie enigiets daarvan nie; of is dit die man se plig om haar eerste te sê; of het sy hoegenaamd nodig om seergemaak te word? Hoe ver kan ons met hierdie herstel gaan wanneer dit oor en verby is, en wanneer vriendskap betrokke is?**

83 Wel, my liewe Suster, daar's net een ding wat jy gedoen het wat reg is. Jy was betrokke, skat ek, of iemand waarvan jy weet, was betrokke, in 'n verkeerde daad, dat jy 'n ander vrou se maat gevat het en 'n sosiale daad gehad het. En toe jy het, daar het jy van jou genade geval. Toe het jy bely, en jy kon jou nie bekeer voordat jy na hierdie man toe teruggegaan en dit reggemaak het nie. Jy moet jou man vat en na daardie man toe gaan, wat jy gedoen het. En dit was die ding wat jy behoort te gedoen het; dis die Skrif, jy moes dit gedoen het.

84 'n Dame het na my toe gekom nie lank gelede nie van sommer hier in Louisville, wat sy, as 'n jong vrou, het sy gewoon by 'n man en—en toe het sy . . . Sy het geweet sy doen verkeerd. En sy het die stad verlaat, en na 'n ander stad gegaan ver weg, en haar naam verander, by mense gewoon. En hierdie man het haar gevolg en vir haar gesê toe hy daar aangekom het, hy het 'n houvas op haar gehad. Sy sou steeds 'n gemene-reg vrou vir hom moes bly of hy sou vertel. (En terwyl sy daar was, is sy getroud met 'n goeie Christenman.) En het gesê as sy dit nie doen nie, sal hy die hele ding uitblaker, het haar gedreig; dus, moes sy met beide mans lewe, wat sy verkeerdelik gedoen het, in plaas van om haar kleur te wys van die begin af. En sy het 'n baba gehad, en nou, die meisie is omtrent agtien jaar oud en weet nie watter een regtig haar vader is nie. Nou, kom sy by die menopouse, en dit het haar ingehaal. Nou, wat kan sy doen? Ek het gesê: "Daar's net een . . . "

Sy het gesê: "As ek vir my man vertel, sal hy my verlaat; en as ek . . . my dogter dit weet, sal sy selfmoord pleeg."

85 En ek het gesê: "As jy dit in jou hart hou, sal jy hel toe gaan. Nou, doen wat jy wil." Daar's net een ding om te doen, is vee jou bordjie skoon. Dis presies reg. Wees eerlik.

86 Julle weet, baiekeer in die visioene, hoe die mense kom, vroue en mans; die Heilige Gees grawe daardie dinge uit wat hulle in die lewe gedoen het en (julle het al daarvan gehoor en julle het dit gesien, julle weet. Sien?), en sê vir hulle dinge wat hulle dit moet doen.

Hulle sê: "Wel, ek—ek het dit alreeds reggemaak met die Here." Maar jy is dit aan jou man of aan jou vrou verskuldig om dit vir hulle te gaan vertel. Dis reg. Jy's veronderstel om dit te bely.

87 Nou, hierdie persoon, as sy die een is wat skuldig is, het sy dit gedoen; sy het na haar man toe gegaan. Nou, jy het jouself verskoon, Suster, want tussen. . .Jy—jy het egbreuk gepleeg teenoor jou man. Jy het na jou man toe gegaan en jouself teenoor jou man skoongemaak, toe het jy na die man en die eggenoot gegaan en jouself daar skoongemaak. Jy is skoon. As jou man aanhou om—om saam met jou te wil lewe, dit hang van hom af. Hy hoef dit nou nie te doen nie, maar hy—maar as hy saam met jou wil leef en jou vergewe, wees jy dan genoeg van 'n dame om nooit weer aan so-iets skuldig te wees nie. Maar as hy jou nie vergewe nie, dan is dit sy—is dit sy eie saak. Hy kan jou verstoot. Volkome korrek.

88 Maar nou, die man met wie jy die daad gehad het, nou, hy's die een wat na sy vrou toe moet gaan en sy vrou vat en na jou toe terugkom. Jy het jou deel gedoen, nou is dit sy tyd om sy deel te doen. Sien? Die tweede party. . .

89 Hierdie vrou het die daad met die man gehad, en sy het haar man gevat, dit bely, en het na die man toe gegaan en dit bely, en dit reggemaak. Nou, die ander man was ook 'n getroude man; nou, hy moet na sy vrou toe gaan en die vrou vat en terugkom na hierdie vrou toe. Dan is dit alles reg. Sien wat ek bedoel? Dan is dit reggemaak. Maar buiten dit, sal jy steeds skuldig wees, en diep in jou hart sal jy veroordeel wees.

90 Ek het 'n vrou gehad daarbo nie lank gelede nie, wat dit sedert die Eerste Wêreldoorlog gehad het. En sy het gesê: "O, Broer Branham." Sy het al honderde dollar op psigiaters en alles gespandeer. Ek het haar daar gesit en dophou in daardie kamer. Meda het haar soontoe gebring. Sy het daar gesit en 'n sakdoek so deur haar hande gewring, het gesê: "Ek voel die wêreld gaan oopbars, en ek. . ." alles in daardie trant.

Ek het maar net daar bly sit. Ek het gesê: "Nou, daar's iets aangaande. . .Het jy iets êrens in jou lewe?"

"Nee, ek's 'n Sondagskoolonderwyseres."

Ek het gesê: "Goed." Het 'n bietjie daar gesit en dopgehou. Ek het gesê: "Ek sien 'n groen motortjie, en jy's saam met 'n blondekop man, en 'n trein tref die motor byna."

. . . ? . . . Sy het gesê: "Jy moet niemand daarvan vertel nie!"

Ek het gesê: "Jou man was daardie tyd in die leër."

Sy het begin huil, opgespring: "Jy moet dit vir niemand sê nie." Sien? Dit was ver onder in haar onderbewussyn. Sy het gesê: "Ek het dit aan God bely, lank gelede."

91 Ek het gesê: "Maar wag 'n oomblik. Jy het nooit 'n kwaad teen God gedoen nie. Jy het 'n kwaad teen jou huweliksbelofte gedoen. Jy moet na jou man toe teruggaan en dit eers regmaak."

Sy het gesê: "Hy sal my verlaat."

Ek het gesê: "God het jou in elk geval al verlaat. So nou, watter een wil jy hê moet jou verlaat?" Ek het gesê: "Gaan na hom toe."

En sy het gesê: "O, ek—ek . . . Hy sal *dit* doen, en ek het twee kinders."

Ek het gesê: "Wel, dis al wat ek vir jou kan sê. Psigiater het dit nooit uit jou getrek nie, maar die Heilige Gees het geopenbaar; en ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie."

Sy het gesê: "Dis presies reg!" Het gesê: "Wel, ek—ek kan hom net nie sê nie."

Ek het gesê: "Wel, ek . . . Bly ek het jou ontmoet." Het aangegaan na die ander kamer toe, en sy het daarin teruggekom.

Meda het gesê: "Sy wil jou weer daarbinne hê."

Ek het daarnatoe gegaan; en ek het gesê: "Wat wil jy hê?"

En sy het gesê: "Broer Branham, ek kan dit nie vir my man sê nie!"

Ek het gesê: "Jou man is 'n swart-kop man."

"Ja!"

Ek het gesê: "Hy het dieselfde ding om aan jou te bely."

Sy het gesê: "O, nie my man nie!"

Ek het gesê: "Jy moet hom liewer gaan haal en hiernatoe kom." Ek het gesê: "Ken jy 'n *sekere* vrou, wat 'n pienk rok dra, wat in die kantoor van 'n *sekere* soort van 'n motormaatskappy werk?"

Sy het gesê: "Sekerlik!"

Ek het gesê: "Noem hulle haar nie 'n *sekere* naam nie?"

"Ja!"

Ek het gesê: "Twee weke gelede het hulle gesit onder 'n berkeboom met 'n . . . gesit in 'n klein bruin Chevrolet motortjie met nommerplaat *so-en-so*, en het dieselfde daad begaan."

Sy het gesê: “Nie my man nie!”

Ek het gesê: “Goed, gaan haal hom en kom hiernatoe.”

Sy is weg. ’n Paar minute, hier kom hulle terug. Hy het gesê: “Dis die waarheid!”

Ek het gesê—ek het gesê: “Sien julle? Gaan vertel nóú vir God!”

92 Maar eers, wanneer jy altaar toe kom en onthou daar’s iets, gaan eers en maak dit reg. En solank as hierdie ander party hier skuldig is daaraan om nie sy vrou te vertel nie . . . Hierdie vrou het haarself skoongemaak. Nou, dit hang van haar en haar man af. Maar hierdie ander man en sy vrou moet skoonmaak daarin. En jy kan nie . . . Maak nie saak wat jy doen nie, dit sal by jou spook solank as jy lewe totdat jy dit skoon was. Daar’s net een manier om dit te doen: Bely dit. Al trek dit die vel van jou af, doen dit nogtans. Vertel die waarheid, dan het jy dit reg. Amen!

93 Ek kan baie op die band hoor sê: “Dis verkeerd.” Maar probeer jy dit net ’n keer en kyk of dit nie is nie. Goed.

**289. Vraag vir Sondagoggend:** (Jammer dis al hierdie tyd, maar . . .) **Op die oomblik dat die Heilige Gees ontvang word, of die doop van die Heilige Gees, is daar ’n verskil? Praat ’n persoon in tale? Indien nie altyd nie, watter manifestasie is bekend?**

94 Wel, kan jy jou voorstel ’n ma gee geboorte aan ’n baba en weet dit nie? Sy sou bewusteloos moes wees om dit nie te weet nie. Net so min kan jy die Heilige Gees ontvang sonder om dit te weet. Daar’s iets wat binne-in jou plaasvind. Sien? Daar’s iets wat jou verander. Jou hele stelsel, jou hele geestelike stelsel word weer nuut gemaak, en jy word ’n nuwe skepsel in Christus, soos die Bybel dit stel, ’n *nuwe skepping* in Christus. Jy weet dit.

95 Nou, jy sê: “Broer Branham, dan glo jy nie dat ’n mens in tale behoort te spreek om die Heilige Gees te ontvang nie.” Nie om te bewys hy het die Heilige Gees nie.

96 Ek sou wou hê dat elke lidmaat van my kerk in tale sou spreek. Ek sou daarvan hou dat hulle dit doen, en as . . . Ek glo as jy God vra, sal God dit aan jou skenk. Maar laat ek julle sê; ek ken baie mense wat in tale praat en nie die Heilige Gees het nie. En daar’s nie ’n prediker wat eerlik is met homself en met sy gemeente wat nie vir sy gemeente dieselfde sal sê nie. Die duiwel kan dit namaak.

97 Paulus het gesê: “Al sou ek die tale van mense en engele spreek, al sou ek my liggaam oorgee om as ’n offerande verbrand te word, al verstaan ek al die verborgenhede van die Woord, al sou ek al my goed aan die armes uitdeel, en al hierdie dinge, en die liefde nie hê nie, is ek steeds niks. Het ek geloof dat ek berge kan versit ensovoorts; is ek steeds niks.” Toe het hy gesê: “Dit wat ten dele is, sal mee weggedoen word, wanneer dit wat

volmaak is gekom het," of: "wanneer dit wat volmaak is, bekend gemaak word."

Nou, ek het 'n vraag daaroor. Ek hoop ek kom vanaand daarby uit, oor wat gebeur het toe die Seëls oopgemaak is. En ek dink dit sal dit regstel vir jou oor hierdie vraag.

**290.** Vraag: **Broer Branham, wat moet ons doen? Iets het my beetgepak waardeur ek nie kan breek nie. Verlede herfs, het ek gedroom ek het in wit sand verdwaal. Dit was aan die donker word; ek kon nie my weg vind nie. Hierdie droom het by my gebly van verlede herfs af. Nou, is ek soos een wat in die duister rondtas. My seun (E-r-v. . .), Ervin, en vrou was in my droom ingesluit. Nou, is hulle ook in die duisternis. Ons is in desperate—ons is in desperaatheid. Ek glo God sal jou wys wat is—wat nou in ons harte is.** (Mev. . . O, goed.) **As ons verkeerd is of op plekke sondig, sê vir ons. Ons wil reg wees.**

98 Ek ken die dame nie, maar ek voel net as jy hier is, dame, dat jou probleem hier lê. Jy het iets met jou laat gebeur wat jou senuweeagtig gemaak het, want om in *wit sand* te wees, verteenwoordig "reinheid en geregtigheid." En jy laat net Satan toe om jou iets wys te maak. Jou droom het bewys dat daar niks verkeerd is nie. Jy's net op jou senuwees, en deur dit te doen en dit te dink, maak jy die res van jou familie op hulle senuwees. Hou op om dit te doen; eis jou God-gegewe regte. Jou droom wys deur die interpretasie dat jy *in* wit sand is. Alles is in orde. Dis jy, self, op jou senuwees.

99 En laat jy een lid van die familie op sy senuwees raak, gaan dit na die volgende lid, en die volgende lid, en voor jy jou kom kry, is julle almal aan die baklei en tekere gaan. En raak een lid van die familie soort van ontsteld oor iets, ontstel dit die ander, en die ander, en die ander, voor jy jou kom kry, is die hele familie ontsteld. Dis Satan. Dan as een lid van die familie juig, laat die res van hulle saam met hom juig. So elkeen van die familie probeer dit doen.

100 Probeer, elkeen van julle kinders, om julle pappa, mamma te help. Mamma, jy. . .Pappa, probeer jy die kinders help. Moenie dat daardie swartgallige, ongelowige gees oor julle kom nie. Julle is Christene. Julle is gebore uit die Gees van God. Julle is die sout van die aarde. Julle het God-gegewe regte. En die Bybel het gesê: "As daar enige lof is, as daar enige deug is, dink aan hierdie dinge." Moenie aan die verkeerde ding dink nie.

En Suster, ek dink dis jou probleem, liewe Suster.

Ek sou 'n lang tyd daarby kon stilstaan, maar volgens wat ek beloof het, net twintig minute. . .En ek wil graag by net soveel van hierdie uitkom. . .as dit nie is, plaas dit terug op die lessenaar en ek sal weer daarby uitkom.

**291. Sommige sê Broer Branham is die Seun van die mens. Ek het gedink die Vuurkolom is die Seun van die mens. Is ek verkeerd?**

101 Wel, dis 'n goeie vraag, baie goed. Maar ek is nie die Seun van die mens nie, maar 'n seun van die mens. Daar's nogal 'n verskil. Jesus Christus was die Seun van die mens, die Seun van God, die Seun van die mens, die Seun van Dawid.

102 Nou, waarom daardie vraag waarskynlik vir hierdie persoon gevra is of gesê is, is omdat mense my as 'n siener beskou, wat ek nog nooit. . . Ek het 'n vraag hierin wat sommer op my lostrek daaroor. Sien? Maar ek—ek—ek. . . julle—julle. . . Wanneer ek hierdie vrae lees, sal julle sien waarom ek dinge antwoord soos wat ek doen. Totdat ek definitief gelei word om iets te doen (sien?), dan sal ek—sal ek sê wat ek moet sê. Maar daardie uur het nog nie aangebreek nie.

103 So ek is nie die—die—die gesalfde Seun van die mens nie. Ek maak nie daarop aanspraak om Sy profeet te wees nie. Baiekeer het ek dit gesê wanneer ek nie gedink het ek het dit gesê nie, vang myself uit op die band. Maar ek sê dit somtyds, want as jy dit in terme wil gee, 'n *profeet* is in die Engelse term bloot "'n prediker." Enigeen weet dit; vat die woordeboek. Sien? 'n *Profeet* is "'n prediker" in die Engelse woordeboek. Maar in die Hebreeus of die Grieks, is 'n *profeet* "'n siener, een wat dinge vooruit sien en dinge voorspel." Maar in die Engelse interpretasie, is 'n *profeet* "'n siener."

104 So ek wil nie myself enigiets anders as julle broer nie. Ek is julle broer, en beskou julle my maar net as Broer Bill, of Broer Branham, of wat julle ook al daarvan wil maak. Dit—dit—dis goed, dit—dis gaaf. Wat jy glo, hou dit vir jouself. Sien julle?

105 En nou, wat was daardie ander vraag? Ek raak so verstrengel hierin, ek vergeet wat die dinge was. Een van hulle was: "Is ek die Seun van die mens?" en. . . Hier is dit, dink ek. ". . . die Seun van die mens of is die Vuurkolom die Seun van die mens?" Nee! Die Vuurkolom is die Salwing.

106 Die Vuurkolom. . . Nou, dit mag dalk 'n bietjie diep wees tensy dit sommige van julle teoloë is, Dr. Vayle, waarskynlik Broer hier, en sommige van hierdie predikers hier van Arkansas, en my goeie vriende hierrond, hulle sal waarskynlik weet.

107 Nou, daardie Vuurkolom is die *Logos* wat van God af uitgegaan het. Die *Logos*, wat in werklikheid die eienskap van die Volheid van God is. Toe God tot 'n vorm gekom het waarin Dit gesien kon word, was Dit die salwing van die groot Gees wat uitgegaan het, Sy neerdaling, wat afkom, God, die Vader, die *Logos* wat daar bo Israel was, daardie. . . Hy was heilig, kon sonde nie verdra nie. Daar moes 'n bloedoffer net daar in Eden wees. Toe het daardie *Logos* vlees geword en onder ons gewoon;

en waar hierdie *Logos* in 'n menslike liggaam gewoon het, wat die offerande was. . .

108 Toe die mens na die beeld van God gemaak is. . . En toe het God neergedaal in die gestalte van 'n mens om die mens te verlos; dit het God en die mens bymekaargebring. Hemele en aarde het omhels en mekaar gekus; God en die mens het mekaar omhels in Vaderskap en seunskap toe die *Logos* vlees geword en onder ons gewoon het.

109 Jesus het gesê: "Ek het van God af gekom, en Ek gaan na God toe." Is dit reg? Na Sy dood, begrafnis, opstanding, en hemelvaart, toe die liggaam opgeneem is om te sit aan die regterhand van God. . . Nou, ek bedoel nie God het 'n regterhand nie, God is 'n Gees. Maar *aan die regterhand* beteken "in die mag en gesag van God." Dat in daardie Naam alles in die Hemel Daarna vernoem is en onderdanig is Daaraan. Alles op aarde is Daarna vernoem en is onderdanig Daaraan, 'n Naam bo alle name, Jesus Christus.

110 Nou, hierdie *Logos* wat in Hom was, wat die Gees van God, die Salwing is, het, deur die heiligmakende genade van die Bloed, baie seuns na God toe gebring, wat gesalf is met hierdie selfde *Logos*.

111 Nou, op die Pinksterdag het Dit neergedaal, daardie Vuurkolom, en het so verdeel, en vuurtonge het op elkeen van hulle gesit, nie hulle tonge nie, maar vuurtonge het op elkeen van hulle gesit, 'n uitverkore, uitgesoekte groep, geïdentifiseer deur hierdie Vuurkolom, het getoon dat God Homself in die mens afgeskei het. Begryp julle dit? God, die *Logos*, wat Homself afskei in die mens! God, nie in een persoon nie, Hy's in Sy Kerk universeel. Dis waarom Jesus gesê het: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook, meer." Nou, ek weet die King James sê: "groter," maar die regte vertaling daar is "*meer* as dit sal julle doen." God is gebottel en beperk tot een Mens, Jesus Christus. Maar nou is Hy gebottel in en beperk tot die hele universele Kerk van die Lewende God.

112 Net nou, terwyl God hier tot ons spreek in ons harte, is Hy in Afrika, Hy is in Asië, Hy is in Europa, Hy is in Engeland. Waar gelowiges ook al vergader is, daar is Hy in hulle midde.

113 Nou, na Sy dood, begrafnis, en hemelvaart, en die koms van die Heilige Gees, Paulus op sy pad daar, wat Saulus was, na Damaskus, is hy neergefel deur 'n Vuurkolom, die *Logos*. En daardie Jood sou nooit daardie Vuurkolom "Here" genoem het, tensy hy geweet het Dit is dieselfde *Logos* vir wie sy mense deur die wildernis gevolg het nie. Sien? Nou, dit was nie die Seun van die mens nie, dit was die *Logos*.

114 Nou, ons sê dit met eerbied, en liefde, en respek. Sien? Soos Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, en ook dat in die laaste dae, soos dit was voor Lot se tyd, of in Lot se tyd

in Sodom, so sal dit wees in die dag dat die Seun van die mens Homself weer openbaar, Homself aan die openbaar is. Nou, in hierdie laaste dae het die *Logos* wat op Jesus was, wat Hy daaruit geword het weer terug na die Vuurkolom toe en het neergedaal op die aarde om (Ek wou iets sê, maar ek hou die band dop. Hulle sou dit nie glo as jy hulle vertel nie. Dit sou geen verskil maak nie. Hulle . . . Mense sal dit nie glo nie, maar ek sal dit uitlaat), maar het neergedaal vir, soos 'n ondersoekende oordeel wat voortgaan.

115 En nou, hierdie groot Vuurkolom wat absoluut geïdentifiseer is selfs deur wetenskaplike kameras, wat vandag hier op aarde is . . . Daar hang die foto Daarvan daar. Ek glo dis nog daar, is dit nie reg nie? Is dit daar? Wetenskaplik bewys, deur die beste wat ons het. George J. Lacey, die hoof van die FBI vir vingerafdrukke en dokumente, het gesê: "Ek het dit self ook sielkunde genoem, Eerwaarde Branham, maar," het gesê: "die lig het die lens getref. Ek het dit onder ultra-straal ligte gesit en het 'n ondersoek hier gehad vir vier of vyf dae. En die lig het die lens getref. En hierdie lens sal nie sielkunde afneem nie!" Nou, dis geïdentifiseer.

116 Let dan op die werke Daarvan. Dit bewys, onder ons, dieselfde Jesus wat eens in Palestina gelewe het, dieselfde Gees wat op Hom was, het opgekom deur 'n Liggaam totdat Dit weer tot Hoofskap gekom het, wat Hy spoedig kom om die Liggaam op te eis. Amen! Die Hoof kom na die Liggaam. Begryp julle dit? Dit sal die Seun van God wees, die Seun van die mens, die Seun van Dawid, die EK IS, die Roos van Saron, die Lelie van die Dale, die Môrester.

117 Ek is nie Hy nie; ek is Sy dienskneg. En die Vuurkolom is nie Hy nie; Dis in Geesvorm (sien?) wat op die Seun van die mens was en nou gekom het om seuns van die mense te salf, om 'n bediening terug te bring net presies soos Hy gesê het dit sou wees, ten einde die Hoof en die res van die Liggaam bymekaar te bring.

118 Net soos die—soos die piramide wat Henog gebou het. En ons kry dit in daardie piramide, hulle het nooit die hoofsteen daarop gekry nie. Waarom? Die Hoofsteen moet nog kom. Die sewe trappe in die—in die piramide . . . Ons sal eendag daardeur gaan, en ek sal julle net graag wil wys hoe dit regtig volmaak by die Skrif aansluit.

119 En nou, as julle oplet op jou Amerikaanse dollarnoot, daardie groot hoofsteen, 'n oog, sê: "Die Groot Seël." Dit sal kom.

En let op daardie stene . . . Was enigiemand hier al ooit by die piramides in Egipte? Wel, as julle sal oplet . . . Ja, hier daar's hande daar wat op is daaragter. Goed. Daardie stene lê so volmaak daarbinne, en daardie top, waar die koepel soos in die top daarvan, wanneer daardie steen kom, sal dit wees soos 'n groot diamant wat reg daarin pas sommer volmaak daarmee.

120 Nou, daardie steen sal nie pas daar op daardie onderste fondament nie, dit sal ook nie pas op die tweede fondament

of die derde fondament nie. Dit sal slegs pas op die boonste fondament, wanneer die hele gebou aangepas is by die steen. En Jesus kan nie kom voordat die Kerk, 'n Liggaam van gelowiges en die bediening wat Hy eens agtergelaat het, sal dan dieselfde moet wees as wat dit toe was, om. . . En dan, dit bring. . . "Hulle sou nie sonder ons volmaak word nie," het Paulus gesê, Hebreërs 11. "Sonder ons kan hulle nie vervolmaak word nie." Hulle moet hierdie bediening hê om die Lutheraan, Wesleyane, en hulle almal deur hulle tydperke op te wek. Wanneer dit kom, wanneer daardie deel van die waar die arende vergader is. . . "Net daar waar die karkas is, sal die arende bymekaarkom," was die vrae. O, dis net perfek. Ek hoop dit het die vraag beantwoord.

**292. Broer Branham, kan Satan die gawe van praat in tale of profesie gebruik in 'n persoon wat die Heilige Gees het?**

121 Dis 'n goeie een, is dit nie? Ja, meneer! As. . . Dit moet baie, baie mooi dopgehou word. As julle sal oplet in I Korinthiërs 14:29, julle wat dit wil neerskryf. . . Sien? Die—die persoon wat dit geskryf het, het nooit hulle naam geteken nie; hulle het net gesê: "God seën jou." Sien? In Een Korinthiërs 14:29 vind ons uit dat enige gawe in die kerk eers beoordeel moet word. Sien? Jy moet oplet, want bose geeste glip in. Want onthou, die reën val op die regverdige en die onregverdige. Dieselfde reën wat gestuur is om die koring te laat ryp word, laat ook die onkruid ryp word, dieselfde water. Hoeveel weet dit? Nou, dit behoort dan die slang se saad vir julle duidelik te maak, hoedat hierdie seun gekom het. Ek probeer dit hier uitsoek om daarby uit te kom voor my tyd om is, maar ek kan dit nie kry nie: so, hoe daardie seun was oor die slang se saad. Sien?

122 God het 'n wet. Nou, hierin, in hierdie wet van die Gees van die Lewe moet jy oppas, want Satan glip in.

123 En Paulus, wanneer iets aan iemand geopenbaar is, moes dit ten minste twee of drie beoordelaars hê voor dit voor die kerk gesê kon word.

124 Nou, ook hier kan ek dit tuisbring. Ek sien my. . . Ek dink nie my Broer is vanaand hier nie, maar iemand het met iemand gespot wat die tabernakel verlaat het en daar na Broer Junior Jackson s'n toe gegaan het vir 'n kerk. Het gesê: "Hulle is daar tussen die 'dooie voëls' in." Skaam jy jou nie om so 'n opmerking te maak nie? Wie jy ook al is, as jy my kind hier in Christus is, skaam ek my vir jou. Moenie so-iets doen nie. Junior Jackson is my broer. Don Ruddell is my broer.

125 Wel, die rede daarvoor, omdat toe ek die kerk hier in 'n sekere orde geplaas het, toe ek teruggekom het, om te sien of ek die manifestasie van die gawes kon kry, het die helfte van hulle weggetrek daarvan. Want wanneer jy sou begin praat, of preek, of iets, het dit geraak. . . Dit het 'n punt bereik waar jy beswaarlik kon preek tensy iemand in tale praat, iemand

interpreteer, iemand die interpretasie gee; en die helfte daarvan het nooit eens vervul nie.

126 Nou, ek glo in die praat in tale. Ek glo in interpretasie, maar dit moet iets direk aan die kerk wees, nie: "Die Here kom binnekort," of iets nie—wat in die haak is. Maar: "Moenie ydele herhalings gebruik," het Jesus gesê: "soos die heidene doen nie."

127 Dit moet iets wees. "Gaan sê vir Broer *So-en-so* 'n sekere ding wat hy gedoen het en—en om te kry . . ." "Wel, gaan sê vir Broer, Suster *So-en-so*, toe sy 'n sekere ding nou die dag daar gedoen het, het sy die wette oortree van haar man se . . . die belofte aan haar man. Tensy sy dit reg—regmaak, sal die Heilige Gees haar afsny." Daar het jy SO SPREEK DIE HERE!

128 Bring dan daardie sonde na vore. Dis dan wanneer ons 'n kerk het soos dit was toe Ananias en Saffira ingekom het. Dan het ons 'n kerk wat solied staan.

"O," sê julle: "Broer Branham . . ." Een kêrel, ek het dit vir hom gesê; hy het gesê: "Wel, jy kry ons te dikwels onder die soeklig."

129 Ek het gesê: "Is ek nie daarbo onder die soeklig van vreemdes wat ek nog nooit in my lewe gesien het nie? Maar ek het geloof en vertroue in my God Wat my gestuur het om dit te doen, en nie een keer was dit ooit verkeerd nie, of dit sal nooit wees solank as wat dit God is nie." Dis reg.

130 Nie praat in tale en sulke dinge nie . . . Ek glo dat daardie tale en mense wat daardie gawes het, as hulle ware opregte Christene is en geïnteresseerd is daarin, sal hulle saam vergader, want . . . en hulle tale en interpretasies gee en kyk wat hulle kan doen om die Koninkryk van God te bevorder. Hulle het 'n bediening van hulle eie, maar dit hoort nie hier in die middel van die gehoor waar met die—die sondaars gehandel word ensovoorts nie. Die Bybel het gesê: "Hulle sal sê julle is ongeletterd."

131 Somtyds raak hulle so oneerbiedig daarmee en—ensovoorts . . . Ons klomp het nie, maar ek het hulle 'n ruk laat voortgaan. Ek het gesê: "Wees versigtig."

132 Nou, ek het vir die broers gesê (daar's getuies hier wat dit weet), ek het gesê: "Los dit uit. Na 'n ruk sal ek—sal ons uitvind of dit van God is of nie. As dit nie teregwysing kan verdra nie, dan is dit 'n basterkind." Dis presies wat die Bybel gesê het. En toe die teregwysing gekom het, wat het gebeur? Het ek dit nie al lank terug vir julle gesê nie? Sien? Vra vir die pastoor hier.

Hy het gesê: "Wat *hiervan* en *daarvan*?"

133 Ek het gesê: "Los dit maar net uit! Hulle is babas. Ons kan dit nie beoordeel nie, maar hou dop wanneer dit regtig vasgepen word met die Woord."

134 Nou, Broer Junior Jackson het die reg gehad om daarvan te verskil. Hy wil hê sy kerk . . . Die mense wil almal in tale praat en

dinge in die gehoor. Dis Broer Junior se probleme; dit—dit hang van hom af. Maar Junior Jackson glo hierdie Boodskap net soos die. . . enigeen van die res van ons. Hy's een van ons. En dis nie 'n "dooie voël" om soontoe te gaan nie. Junior Jackson is 'n man van God wat ek liefhet met my hele hart. En is nie vanaand hier nie, so ek kan regtig die pap dik aanmaak soos wat ek wil.

135 En—en Don Ruddell. . . Ek dink nie Don is vanaand hier nie, want hulle het hulle eie kerk. Maar as ek elke persoon wat na hierdie tabernakel gekom het, sien uitstap en na Don Ruddell toe gaan, of—of na Broer J.T. Parnell, of na Broer. . . na enigeen van hierdie broers toe hier wat ons broers hier is en medeburgers van die Koninkryk, sal ek so gelukkig wees dat ek nie weet wat om te doen nie. Ek sou sê: "Here, maak hierdie een weer vol. Laat ons dit uitgiet en 'n ander een volmaak." Ek sal daarvan hou. Ek sal daarvan hou om te sien daardie seuns. . . Hulle is my—hulle is my kinders.

136 Nou, J. T. of—of enigeen van die res van hulle hoef nie te glo presies soos ek glo nie; hulle hoef dit nie te doen nie. Soos ek vir julle gesê het vanmôre, ek stem nie eens met my vrou saam nie, of sy stem nie met my saam nie. Wat as ek tafel toe sou gaan en Junior kry appeltert en ek kry kersietert. Broer, ons eet altwee tert, daaroor sal ons saamstem, maar. . . En ons verkondig altwee dieselfde Evangelie. Sy kerk dissipline. . .

137 Julle weet, Petrus en Paulus het verskille gehad, nie in hulle doktrines nie, maar die manier wat Petrus hom gedra het. Hulle het 'n—'n verskilletjie daaroor gehad, maar dit het hulle nooit geskei nie. Hulle was broers. Wel, sekerlik gaan ons verskille hê, nie verskille nie. . . Ek verskil van die Gemeentes van God. Ek verskil van hulle stelsels, maar daar's vele Gemeentes van God-manne wat kosbare broers is. Ek verskil van die Eenheidsleerstelling, maar daar's vele van daardie manne wat kosbare manne is.

138 Ek stem saam. . . verskil van die Baptiste, van die Presbiteriane en hulle stelsels, maar daarbinne, is daar egte Christene.

139 Op een of ander manier het ek vanmiddag 'n telegram opgetel. Ek het dit gemis. 'n Broer, 'n Baptiste prediker, het gesê hy sal. . . het vir 'n lang ruk al gesoek om by 'n punt te kom. . . of om by 'n punt te kom waar mense God daarin respekteer het in plaas van om mekaar te respekteer.

140 En 'n kosbare broer, wat na hierdie kerk toe kom, het gesê: "Ek sal jou na so 'n plek toe vat." Hy het verlang om hiernatoe te kom, 'n Baptis. Sien julle, hulle is oral versprei. Ek sou nie met hulle stelsel saamstem nie, maar ek het sekerlik lief die. . .?. . . So moet dit nie van die broers sê nie.

141 Nou, hierin, hierdie gawes is. . . moet dopgehou word. Geen gawe. . . Moet dit dophou. Satan kan enige gawe naboots. Kyk

nou na hierdie Beatles wat Goddelike genesing gaan naboots: smerig, vuil, verrotte, uit die hel gebore. Sien? Goed.

**293. Was Daniël die vierde man in die vuuroond omdat hy die profeet was vir daardie tydperk?**

142 Nee, dit was Jesus. Die vierde Man was die. . .soos die Seun van God. Ek dink nie dit was die profeet nie, want hy was in die leeukuil; maar ek—ek sou nie glo dat Daniël in die vuuroond was nie. Ek—ek kan skaars. . .Nou, daar sou jy reg kon wees, maar dan, dis net my opinie.

**294. Broer Branham, in Génesis 6 vers 12, het God gesê dat alle vlees sy weg verderf het. Het dit betrekking op egskeiding en huwelik? Indien wel, het Jesus nie na dieselfde ding verwys, toe Hy gesê het dat: "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees wanneer die Seun van die mens geopenbaar word," in Matthéüs 24, vers 38 en 39 nie?**

**295. Broer Branham, sal daar enige kinders gebore word gedurende die Millennium. . .duisend jaarlange Millennium, eenduisendjarige heerskappy van Christus hier op aarde? Of sal daar enige teken op aarde. . .enige sonde** (verskoon my) **op aarde wees gedurende daardie tyd; en sal daar mense in vleeslike liggame wees op aarde gedurende daardie tyd?**

143 Ek sal probeer om sommer heel gou deur hulle te draf. Nou, in Génesis die 6de hoofstuk, 12de vers, het God gesê alle vlees was verdorwe. . .Ja, dit was huwelik, egskeiding, en alles anders. Die Bybel het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, hoe hulle getrou, en in die huwelik uitgegee het," ensovoorts soos dit. Dit is een van die tekens van die endtyd, net een van die tekens.

144 Nou, as dit al was wat die wêreld gedoen het, sou ek dit nie die bewys van die endtyd kon noem nie, net so min as wat ek praat in tale die bewys van die Heilige Gees kan noem. Dit is waar dat daar veronderstel is om 'n tyd te kom wanneer huwelik en egskeiding is net soos dit was in die dae van Noag, maar daar is soveel ander dinge wat daarmee saamgaan; dit is net een van die tekens.

145 En die praat in tale is een van die tekens van die Heilige Gees, maar nie 'n onfeilbare teken van die Heilige Gees nie, net so min as wat bloot vroue en mans wat trou en skei en weer trou dit is. Dit sal nie die enigste teken wees nie. As dit die enigste een is wat daar was, sou ek dit nie so kon noem nie. Sien? Ander dinge moet saamgaan met praat in tale, of enige ander gawe, om dit God te maak.

146 Nou: "Sal kinders gebore word gedurende die duisendjarige Millennium heerskappy?" Dis die vraag in my gemoed, wat ek nou die dag vir julle genoem het. Ek weet nie. Dit lyk baie of dit kan wees; dit lyk baie of dit nie kan wees nie. Ek gaan so eerlik met julle wees as wat ek weet hoe om te wees. Ek weet tot op

hede nie. As God dit ooit openbaar, sal ek vir julle sê. Maar wag; dit moet van God af kom. Julle is my kinders. Ek sal julle nie sê nie. Ek weet nie of daar sal wees en of daar nie sal wees nie. Ek kan nie sê nie.

147 "Of sal daar sonde op aarde wees gedurende daardie tyd?" Nee! Daar sal geen sonde op aarde wees nie. Satan is gebonde.

148 "En sal daar mense op aarde in vleeslike liggame wees gedurende daardie tyd?" Ja, meneer! Ons sal ons verheerlikte liggame hê net hier op aarde, eet, drink, huise bou, en—en—en lewe net soos ons nou maak vir 'n duisend jaar. Dis 'n—dis die wittebrood van die Bruid en Bruidegom.

**296. Broer Branham, wat het Jesus bedoel in Matthéüs 12, verse 32, waar Jesus gesê het: "Wie ook al 'n woord spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, nóg in hierdie wêreld, nóg in die wêreld wat kom"? Verduidelik asseblief hierdie Skrifverse vir my. Dankie.** En dit het die man se naam; hy's 'n prediker. Goed.

149 Broer, ek's. . . jy's 'n teoloog, ek is nie. Maar ek wil graag dit sê, dat Jesus gesê het: "Wie ook al teen die Heilige Gees spreek, dit sal hom nie vergewe word nie." Met ander woorde, om dit by die res van die Skrif te plaas: "Alle soorte sonde sal die mens vergewe word, maar lastering van die Heilige Gees sal die mens nie vergewe word nie." Lastering van die Heilige Gees, is om te spot met, te praat oor, bespotting te maak van, so-iets te doen, is wanneer jy die lyn oorsteek tussen reg en verkeerd.

150 Nou, as jy die Heilige Gees sien. . . Byvoorbeeld, wat as die Heilige Gees hier sou neerdaal en onderskei soos Dit doen, en wat as dit die Heilige Gees sou wees, en jy het nie geglo Dit is nie, en jy sou uitgaan en spot Daarmee en Daaroor praat; ek gee nie om wat jy ooit sal doen nie, jy's gedaan. En jy kan dit nie doen nie. Dit bewys net daar dat jy nie van God is nie, want die Saad van God bly in die mens en hy kan nie sondig nie. En wat is sonde? Ongeloof. Wanneer hy die Woord gemanifesteerd sien, sal hy Dit glo. En hy kan slegs. . .

151 Sien, daar's net een sonde, net een sonde. Hoeveel weet dit? Dis ongeloof. Dis reg. Om egbreuk te pleeg is nie 'n sonde nie. Om sigarette te rook, leuens te vertel, vloekery, dis nie sonde nie. Dis kenmerke van ongeloof. Jy doen dit, omdat jy nie 'n gelowige is nie. Dis reg. So, sien, daar's net een sonde, en dis ongeloof. "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel." Maak nie saak wat hy doen of niks nie, hy's sommer klaar veroordeel. Goed.

**297. Broer Branham, is dit verkeerd vir 'n jong ongetroude—ongetroude** (staan nie wat nie) **om haar. . . hulle hare te sny?** Ek veronderstel dis 'n vrou.

152 Ja! Ja, dis—dis verkeerd vir enige vrou om haar hare te sny.

Dis net ’n kort vragie. Word julle—word julle vaak? Wel, ons—ons sal opskud net so vinnig as wat ons moontlik kan. Ek wou so graag by daardie slang se saad uitgekom het.

**Bid vir ons seun in . . .**

Dis ’n gebedsversoek. Ek het dié sommer opgetel en geloop, net . . .

**298. Broer Branham, word vroue toegelaat om in die publieke werksplekke te werk wanneer hulle ’n gesonde man en kinders het? Ek vra hierdie vraag vir iemand anders.**

153 Wel, ek—ek—ek—ek weet nie so mooi daaroor nie. Ek kan nie sê nie. Maar ek—ek het net hierdie gevoel. Laat ek dit sê: ek meen, as ek ’n—’n vrou was en ek het geweet my man is gesond en het ’n goeie werk, het gewerk, glo ek dit sou ’n—’n groot plesier gewees het vir my om tuis te bly, my kinders te versorg en te maak die . . . en—en—en my kinders te versorg en hulle groot te maak, en die Here lief te hê. En as ek enige tyd oorgehad het na ek my wasgoed en dinge gedoen het, dink ek sou ek my kinders leer hoe om die Here te dien.

154 Nou, as julle ’n—’n skuld of iets het wat jy jou man help afbetaal, of iets dat jy dit moet doen wat . . . Wel, ek dink dis goed as jy hom sal probeer help. En—en jy leef soos ’n dame. En ek—ek dink dis swaar. Geen man wat goeie insig het, wil hê sy vrou moet in ’n klomp beland, waar daar ’n klomp vulgêre, vuil mans en sulke goed is nie. Maar as die vrou daarin moet beland, dink ek dat sy behoort te . . . haar man behoort te weet dat sy ’n opregte Christen is wat vertrou kan word, ’n betroubare vrou.

155 Maar nou, om te sê dat sy nie behoort te werk nie, ek—ek weet nie. Sien, daar’s geen Skrif om dit te ondersteun nie. Ek net—ek lug maar net daardie opinie. Maar ek dink as ’n vrou wil werk en sy wil werk . . .

156 Nou, ek’s beslis daarteen dat vroue werk in hierdie kantore waar al hierdie sakemanne . . . Hulle gaan aan, vertel daardie vuil grappe. En ’n gawe, rein vrou sit daar, en al hierdie smerige vuil goed word so oorvertel, ek—ek’s daarteen. Ek dink jy moet uitkom uit sulke goed soos dit.

157 Maar nou, as ’n vrou haarself kan handhaaf as ’n—as ’n regte dame en probeer om haar man te help om iets te doen om vir die kinders se skoolklere te betaal, of—of ’n rekening af te betaal, of so-iets, en sy wil werk tot dit verby is . . . Nou, dit is nie die Here nie, want ek het geen Skrif hiervoor nie. Ek sê net dit sou my opinie wees; maar andersins, ek sou nie dink dat net omdat sy wil werk om sommer rond te loop en, of, om meer geld te hê om te spandeer nie, rond te loop, en na kroeë toe te gaan, of te drink, te rook, en aan te gaan nie; ek dink nie sy behoort dit te doen nie. Ek dink sy behoort tuis te bly, te probeer om ’n dame te wees, en na haar huis om te sien.

**299. As Jesus in ’n tweede...**(Nee!) **As Jesus...as jy in ’n tweede huwelik is waar beide partye geskei is...die... dit (b-e-r-o-u-...) berou, is dit berou genoeg, of moet jy beëindig, of, moet jy jou huweliksverhouding beëindig om reg te wees?**

“As—as jy in ’n tweede huwelik is waar beide partye geskei is...” Ek dink ek het dit alreeds beantwoord. Sien? Ja, het dit alreeds beantwoord. Waar beide partye is—is...Ek maar net...

158 Ek—ek wens ons hoef nie deur hierdie dinge te gegaan het nie, mense. Ek het vriende wat net hier sit, hier in hierdie gehoor wat ek weet...Dit maak my byna dood om dit te sê, maar ek—ek moet dit sê. Sien? En die wêreld is in so ’n verderflike toestand.

159 Een of ander arme, ou vroutjie maak ’n fout en trou met een of ander alkoholis en—en hulle raak so, of ’n arme man het met ’n straatloper getrou en dit nie geweet nie, en om dan gebind te wees aan daardie vrou of man vir so lank as wat hulle lewe. Dis ’n vreeslike ding. Die huwelik is ’n heilige ding.

Baiekeer storm sondaarkinders in en doen daardie dinge, en dan wonder hulle waaroor dit alles gaan. Ek—Dis...Ek glo, as die Here my sal toelaat om hierdie huwelik en egskeiding te verduidelik soos dit behoort te wees, glo ek sal dit baie daarvan opklaar. Dis alles...[Einde van eerste kant van band; tweede kant begin met vraag onvolledig—Red.]

**300. Ons sien...Waarom kan ons nie ons huis verkoop nie? Dankie. Ons...N.S. Ons het gebid en gevas—en—om dit te verkoop, nog geen resultate nie.**

160 Wel nou, Broer of Suster (hulle teken nie hulle naam nie), maar wie dit ook al is, nou, as julle julle eiendom probeer verkoop en julle het gedoen wat julle...Julle wil dit verkoop en waarskynlik om weer te koop of wat julle ook al wil doen, ek weet nie. As julle doelwit reg is, julle ’n huis probeer koop...As julle kinders het of so-iets, julle vir hulle ’n beter huis wil kry of iets...Ek weet nie waaroor dit alles gaan nie, maar ek sou dit sê: As julle dit probeer verkoop, en gevas het en dit probeer verkoop het, gee dit dan aan die Here oor en vergeet daarvan. Sien? Want dit mag wees dat God...Julle kan dalk êrens anders intrek, en dit mag dalk nie reg wees nie. Sien?

161 As jy ’n Christen is en op die Here vertrou, want julle is beslis, anders sou julle nie gevas en bid het nie. Sien? So ek sou dit maar net aan die Here opdra. Sê: “Nou, Here, wanneer dit U tyd is vir ons om dit te verkoop, sal U ’n koper stuur.” Dan is dit aan die Here oorgegee, haal jou hande daarvan af en gaan voort. Ek glo dit sal werk. Ek skud soort van op hier, want my tyd raak min.

**301. Broer Branham, is dit verkeerd vir ’n vrou om haar hare te krul?**

162 Ek het klaar daardeur gegaan. Sekerlik, ek gee nie om nie, hou dit net lank. Sien? Ek is nie. . .Ek weet julle. . .Ek bedoel dit nie as "grappies maak" met julle meisies nie. Sien? Dis opreg. Julle—julle—julle wil weet en julle vra vir my. Julle het vertroue in my anders sou julle dit nie vir my gevra het nie. Nou, ek het vertroue in jou, Suster, dat wat ek vir jou sê, glo ek sal jy doen.

163 Ek kan dit nie met die Skrif rugsteun nie. As jy wil. . .As jy nie mooi, krullerige hare het nie en jy's 'n vrou, jy wil mooi lyk vir jou man, vir jou kêrel, of so-iets, kan ek—ek jou nie sê oor die krul van jou hare nie of—of wat het hulle dit genoem, dit tint of iets? Ek—ek het niks daaroor te sê nie; dit hang van jou af. Julle sien? Ek—ek. . .Jy moet net, tussen. . .Vra jy net vir die Here wat om te doen, Hy—Hy sal dit vir jou sê, want ek—ek probeer dinge verduidelik volgens die Skrif. Sien?

**302. Verduidelik asseblief I Korinthiërs 13:8-12. Noudat die volmaakte Woord aan die Kerk herstel is, is—is hierdie verse vervul?**

164 Nou, ek dink ek het pas daardeur gegaan, het ek nie? "En as die volmaakte gekom het, dan sal met dit wat ten dele is, weggedoen word." Paulus het gesê: "Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek al hierdie dinge hier doen. . .Maar wanneer dit wat volmaak is gekom het. . ." Nou, is daar enigiets volmaak behalwe God? Nee, meneer! Is God die volmaakte? *In die begin was die* [Gemeente antwoord: "Woord."—Red.] *en die Woord was by God, en die Woord was God.* Die Woord is steeds God. Sien? Goed. Wanneer die volmaakte gekom het, word daar weggedoen met dit wat ten dele is.

**303. Broer Branham, is dit verkeerd om jou hare borselkop te sny?**

165 Ek veronderstel—ek veronderstel hierdie is 'n man; ek—ek hoop dit is. Wel nou, party vroue doen dit. Sekerlik. Ek het eenkeer met die bus opgegaan toe ek nog staatswildbewaarder was hier. Het hier opgegaan. . .Ek het daar gesit, en 'n man het so gesels, het 'n sweishelm opgehad, en ek het net met hom gesels. En hy het 'n sigaret gesit en rook, het 'n sweisbril so opgeskuif gehad. Was net hierbo by Sellersburg rond. En ek het daar gesit en gesels met daardie kêrel. Hy het daar iets gesê, en ons almal het begin lag; ek het hom op die been geslaan; ek het gesê: "Man, dit—dit vat regtig die koek, dan nie?"

En ek het so daar gesit, en die—dadelik het een—'n vrou wat daar oorkant sit, het gesê: "Sê my, Ruth, gaan jy na. . .?"

166 Het 'n oorpak aangehad, yslik groot, fris net soos 'n man, het 'n sigaret daar sit en rook en dit deur haar neus uitgeblaas, ek het gedink dis 'n man. Iets van 'n aseteleenvlam laat val en iets doen, iemand se kop tref en het die *wat-se-naam* afgestamp, en het begin lag. Ek het ook gelag en haar reg op die been geslaan, gedink dit is 'n man. Ek kon nie die verskil sien nie. Jy kan

hulle nie onderskei nie. En die Bybel het gesê: “Enige vrou wat ’n kledingstuk aantrek wat vir ’n man bedoel is, dis ’n gruwel.” Daar het ons dit.

167 Nee, Broer, as jy ’n borselkop wil laat sny, sal ek jou sê: Wag net tot jy by my ouderdom kom, jy sal een hê. So. . . Dis in orde. Ek het dit nie so bedoel nie, maat. Seën jou hart as jy glo Broer Branham vertel vir jou die waarheid. Ek dink nie God sê enigiets oor mans nie, sy—sy bedekking is net solank hy sy hare sny. As hy sy hare lank laat groei soos ’n vrou, die Bybel sê dis ’n skande vir ’n man om dit te doen.

168 Maar nou, as jy—solank jy jou hare het en jy is ’n seuntjie . . . En ek weet ek het ’n hele klomp daaroor gesê: “En julle, Rickys, met julle borselkoppe,” en alles in dié trant, en sulke goed, maar ek—ek sê dit sommer net. Sien?

169 Ek dink nie—ek dink nie God gee om hoe ’n man sy hare sny nie, solank hy dit sny, want sy hoof is God. Maar ’n vrou se hoof is ’n man; derhalwe, moet sy . . . En as sy haar hare sny, onteer sy haar hoof. Dan moet van ’n oneerbare vrou geskei en mee weggedoen word. Is dit reg? So as ’n vrou haar hare sny, het sy—het haar man ’n absolute Bybelse reg om haar weg te sit weens ’n verkeerde lewe—’n oneerbare persoon. Hoeveel weet dis die Waarheid? Dis wat die Bybel gesê het, want sy onteer haar hoof. Daar behoort nie met enige oneerbare vrou saamgelewe te word nie.

**304. Broer Branham, toe Jesaja met die dogters van Sion gepraat het** (of gepraat het van, ek bedoel, ek skat hulle het bedoel “gepraat het van”) **die dogters van Sion oor die krulpenne, die krul van hare, en in plaas van gevlegte hare, kaalheid; in plaas van ’n . . . Sal dit vandag van toepassing wees of is die ou Bybel nie van krag nie soos sommige sê?**

170 Die ou Bybel is altyd van krag, en elke woord wat God sê, is van krag. Ja, meneer! Al wat dit doen van die nuwe Bybel af na die ou Bybel toe, dit vergroot net. Jesus het gesê: “Julle het hulle hoor sê: ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie’ (jy moes met die daad besig wees); maar Ek sê vir julle, wie ook al na ’n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.” Watter groot uitstaande dinge is hierdie nie!

Nou, ek moet afsluit, vriende. Dit word ’n bietjie te laat. Nou, dis ’n te lang een. Kom ons kyk of ek iets anders kan kry. Laat ons sien.

**305. Broer Branham, hoe behoort vroue** (o, goeiste!) **hulle hare te dra?**

171 Weereens, net soos jy wil. Een Timótheüs 2:9. Sien? “Laat die vroue hulleself versier met behoorlike kleding.” Ek wil—ek wil myne behaaglik vir God dra. (God seën jou, liewe Suster.) **Dankie. Mag God jou seën. Bid vir ons.** En die persoon teken haar naam.

172 Sharon, sekerlik, Sus! God seën jou. Dra dit net solank dit lank is, Suster. Dis 'n dogtertjie. God seën jou, Skat. Dis in orde, Gaan jy net voort.

**306. Nadat die Bruid weggeraap is, sal enige van die dwase maagd gered word of sal hulle almal verlore gaan?**

173 Nee! Sien, alles sal beëindig wees vir die Heidense kerk wanneer die Bruid van die aarde af weggeneem word. Die Gees van God verlaat die aarde: "Hy wat onrein is, is steeds onrein; hy wat regverdig is, is steeds regverdig; hy wat heilig is, is steeds heilig." Met ander woorde, die heiligdom word rokerig, waar die—die Prokureur staan om die saak te bepleit. Christus verlaat die heiligdom; Sy dag van bemiddeling is verby. Die Wegraping kom; Hy vertrek van die heiligdom af, gaan uit en neem die Boek van Verlossing, en eis alles wat Hy verlos het. Daar's nie meer middelaarswerk nie. Hoeveel verstaan dit? Ek het dit op een van die Seëls—of een van die . . . Ja, die Seëls, meen ek was dit, dat Christus na vore kom om Sy middelaarswerk op te eis.

174 Nou, net 'n oomblik. "Sal die dwase maagd gered word?" Nee! Wat ook al gebeur sy—gebeur nou. Na daardie tyd is sy in die staat . . . Nou, sy sal deur die Verdrukkingsperiode moet gaan. En die rede daarvoor is, is omdat sy die Versoening in Sy volheid verwerp het. Sy is 'n gelowige, 'n verklaarde gelowige, maar sy sal deur die Verdrukkingsperiode moet gaan. Die Bybel het gesê: "En die res van hulle, die draak het water by sy mond uitgespuit om te gaan oorlog maak . . . " En watter uur is dit nie. Die . . .

175 Daar was nog nooit 'n tyd in die geskiedenis waar die nominale kerke so honger geword het om die doop van die Heilige Gees te kry nie. Ek—ek praat vir die Christelike Sakemanne. Voortdurend, dis Presbiteriaans, en Luthers, Katoliek, en almal, Baptiste by die honderde, Kerk van Christus, Nasaréners, Pelgrim Heiligheid, Sewende Dag Adventiste, elkeen van hulle drom saam in 'n poging om—om te kry . . . Sien?

176 Nou, hierdie is 'n treffende ding. Moet dit asseblief nie as 'n doktrine opneem nie, maar verstaan julle wat die Skrifte gesê het sal plaasvind wanneer dit het? Tyd is verby. Want kyk, daar was sewe maagde, of, tien maagde het uitgegaan om die Bruidegom te gaan ontmoet, en die helfte van hulle het olie in hulle lamp gehad, helfte van hulle het nie. Dis die deel van die Liggaam wat dood is en die deel wat lewe. Die vyf is wys, toe hulle—die geroep kom: "Kyk, die Bruidegom . . . " het hulle almal opgesteek, of, wakker geword en hulle lampe opgesteek om in te gaan na die bruilofsmaal. Maar toe die dwase maagd gesê het: "Gee vir ons van julle olie, ons lampe het doodgegaan. (Sien?) Gee vir ons van julle olie." Het hulle gesê: "Nie so nie, ons het net genoeg vir onsself. Gaan koop dit." En terwyl hulle dit gaan koop het, het die Bruidegom gekom.

177 Toe die uitvaardiging uitgegaan het, die roep: “Daar kom die Bruidegom,” wou almal gou-gou regmaak. Is dit nie die uur wanneer die skrif aan die muur is nie?

178 “O, ons wil die doop van die Heilige Gees hê.” “Ons wil *dit*, *dat*, of die *ander* hê!” Maar terwyl hulle Dit gaan koop het, het die Bruidegom gekom. Die wyses het ingegaan, en hulle is buite gelaat waar daar geween, geroep, en gekners van die tande sal wees.

179 Ek het regtig pragtige vrae hierin wat daarmee saamgaan: “Wie was die man met die kleed aan wat ingekom het, wat nie die bruilofskleed aangehad het nie?” En al daardie vrae wat reg daarby aansluit.

**307. Behoort ’n persoon tiendes te betaal aan ’n individu, of behoort ’n Christen te werk?**

180 Natuurlik moet hy. Hy’s die een man wat sal werk, is ’n Christen.

181 “Tiendes betaal aan ’n individu?” Dit hang daarvan af wie die individu is. Sien? Dis reg. In Hebreërs 7, die eerste keer dat daar van tiendes gepraat is in—in ’n standpunt wat ons . . . Wag ’n oomblik, ek meen, vraag nommer twee. Nee! Uh-uh. Nee! Vir Broer . . . Het gestaan: “Twee vrae vir Broer Branham.”

182 Wanneer . . . In Hebreërs die 7de hoofstuk, toe Abraham, met die terugkeer van die slagting van die konings, vir Melgisédek ontmoet het, het hy aan Hom ’n tiende betaal. Dit was Melgisédek, die Koning van Salem, wat Koning van Vrede is, en Koning van Geregtigheid, wat niemand anders as God Self was nie. Sien?

183 Maar wanneer jy tiendes betaal . . . Regtig, waar jy tiendes verskuldig is, is waar jy jou voedsel kry. “Bring julle al julle tiendes na My stoorkamer, spreek die Here. (Is dit reg?) En beproef my daarin spreek God, dat of Ek nie die vensters van die Hemel sal open en ’n seëning sal uitstort waarvoor julle nie genoeg plek sal hê om dit te ontvang nie.” Ek daag enige man of vrou uit, wat nie ’n tiende-betaler is nie, om dit te aanvaar.

184 Ek sou hier kon staan tot môre-oggend, om vir julle te vertel net wat gebeur het toe ek dit ingesien het, en in watter toestand ek was. Maar net so getrou as wat ek ooit kon, het ek tiendes betaal. En toe ek my eie geld hier van die kerk gevat het, of van my veldtogte, het ek meer gevat . . . het ek ’n tiende gegee. Toe het ek dit uitgegee vir predikers, en het die res daarvan aan die predikers gegee. Dan, wanneer ek dit nie kon doen nie, wat ek dan gedoen het, ek het tien persent gehou en vir God negentig gegee. En toe, toe die wet vir my gesê het ek kan dit nie doen nie, ek sou moes vat . . . En as ek dit sou doen, moes dit alles daarteen gedebiteer word, toe moes ek dit vat en dit omseil na oorsese sendings toe ensovoorts, en dan net ’n salaris daaruit neem van ’n honderd dollar per week; en ek betaal my tiendes daarvan.

185 Ja meneer! Ek glo in die betaal van tiendes. Dis een van God se seëninge wat bewys is om 'n seëning te wees. Julle sê: "Dis van die Ou Testament." Dit is van die Nuwe Testament ook! Ja, meneer!

**308. Liewe Broer Branham, as 'n baba gebore word uit 'n . . . buite die huwelik, kan hierdie kind ooit gered word of in die Wegraping gaan?**

186 Gered? Wel sekerlik, ek glo die kind sou kon . . . Die kind kan nie verhelp wat gedoen is nie. Dit is waar. Maar ek . . . Oor gaan in die Wegraping . . . Gered, sou ek sê: "Ja." Maar in die Wegraping is dit 'n voorbestemde saad wat in die Wegraping gaan. En ek kan nie glo dat egbreuk 'n voorbestemde saad is nie. Verstaan julle? Sien? Ek glo die mense kan—die baba kan gered word; dit het geen—geen regte van sy eie nie. Dis 'n vreeslike daad en dinge.

187 Maar nou, in die Ou Testament wanneer 'n baba 'n buite-egtelike kind gebore is, kon hy nie eens die vergadering van die Here binnegaan vir tien geslagte, vierhonderd-en-iets jaar nie, so erg was daardie vloek. Dink net daaraan. 'n Onskuldige baba, sy agter-, agter-, agter-, agter-, agter-, agter-, agter-, agter-, agterkleinkinders, dink net, die baba se agter-, agter-, agter-, tien agterkleinkinders kon nie eens in die vergadering van God inkom nie. Dis reg.

188 Maar sien julle, daar was niks daar wat sterk genoeg was om daardie sonde te vergewe nie. Die bloed van die Ou Testament het nie sondes vergewe nie; dit het sondes bedek. Maar die Bloed van Jesus Christus skei dit. Dis nou anders. Wanneer die Bloed van Jesus inkom, dis die verskil.

**309. Broer Branham, ons wil so naby jou Boodskap wees as moontlik. Moet ons Arizona of Jeffersonville toe verhuis?**

189 Soos dit julle pas, enigeen. Ek het julle beslis lief, ek gee nie om waarheen julle gaan, wat julle doen nie. Maar nou, as raad, meen ek ek sou Jeffersonville toe kom. As julle in elk geval gaan verhuis, sou ek Jeff toe kom. Ek dink ek is meer hier as wat ek in Arizona is. Dis goed.

**310. Broer Branham, is—is dit te laat om nogsteeds vir sondaars te preek?**

190 Nee! Nee! Moet dit nie in jou kop kry nie, broer. Hou aan bou aan die huis. Bly alles doen wat jy kan. Gaan net voort totdat jy weggeroep word. Sien?

**311. Vraag nommer twee. Moet die gereddes hulleself afskei van sondaars in aanbidding? Moet die gereddes afskei van sondaars om te aanbid?**

191 Ek weet nie presies wat jy daarmee bedoel nie. As jy bedoel sondaars soos buite in die . . . Jy aanbid God oral. Maar ek dink as ons sou, hoe gaan ons kerk hê, want die sondaars kom reg in die kerk in en sit langs die Christen. Moet nooit jouself afskei van

enigiets behalwe sonde nie, nie die sondaar nie. Kry die sondaar as jy kan, maar wees nie deelgenote van sy sonde nie.

**312. Behoort 'n geredde vrou haarself aan haar man te weier as hy 'n sondaar is?**

192 Nee, meneer! Nee, meneer! Dis jou man. Jy sal hom verder van God af wegdryf as ooit deur dit te doen. Sien? Dis reg, Broer, Suster. Jy het met hom getrou; hy's joune, en jy is syne.

**313. Broer Branham, wat is die betekenis van 'n nietigverklaring? Is mense vry om te trou of is dit maar net 'n ander woord vir egskeiding? Ek sal graag bietjie inligting hieroor wou hê.**

193 Sekerlik is hulle getroud. Solank as hulle daardie belofte maak, is hulle getroud. Net soos 'n kêrel, as 'n kêrel ter goeder trou 'n meisie belowe om met haar te trou, is hy verplig teenoor daardie meisie. Hy het net so goed as met haar getrou. Al wat die wet doen, is om jou 'n—'n wettige reg te gee om saam te lewe om te weerhou van gemene reg man en vrou te word. Maar wanneer 'n man vir 'n vrou sê: "Ek sal met jou trou, Skat; ek sal jou as my vrou neem. Sal jy neem . . .?" is hy getroud.

194 Jou belofte is heilig; dis wat jou in elk geval trou. Daar's geen prediker wat jou kan trou, geen magistraat, of niks anders nie; dis jou eie belofte aan God en aan hierdie man. Wanneer jy belowe, is jy getroud.

195 Kyk. Jy sê: "Broer Branham, is dit . . .? Jy sê . . . Jy het gesê jy sou dit net volgens die Bybel beantwoord." Wil julle die Bybel daaroor hê? Steek julle hande op as julle dit wil hê. Nou, ons het omtrent nog ses of agt minute. Goed.

196 "Josef, haar man, synde 'n regverdige man (haar verloofde man, word alreeds haar man genoem) . . . Josef, haar man, synde 'n regverdige man, het hom 'voorgeneem' om op dié wyse in die geheim van haar te skei; maar voor hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees. (Sien?) En die Engel van die Here het in 'n droom aan hom verskyn en gesê: 'Josef, jy seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie.'" Alreeds getroud, hy het haar alreeds belowe.

197 En van . . . En dametjie, as jy belowe het om met daardie kêrel te trou, is jy verplig om dit te doen. As jy met 'n ander trou na daardie verpligting, sal jy, van nou af in elk geval, sal jy in egbreuk lewe. En let op, dieselfde ding vir 'n kêrel wat beloof om met 'n vrou te trou . . .

198 Moenie jou belofte aan enigiemand maak tensy jy bedoel om daarby te hou nie. Onthou, daar's die Bybel daarvoor. Josef het belowe om met Maria te trou. En God het gesê dat dit was . . .

199 Lees die Ou Testamentiese wette daaroor. Sien? Die Ou Testamentiese wet, as jy beloof het om met 'n vrou te trou, en jy het met 'n ander een getrou, het jy egbreuk gepleeg; en dit het

jou uit die laer uitgegooi. Ja, meneer! Jy moet jou beloftes hou wanneer jy 'n vrou dit belowe. Sy's 'n heilige wesetjie, en dis om kinderlewe weer in die wêreld in te bring. So wanneer jy haar belowe het, moet jy met haar trou.

**314. Is dit te laat vir gevangenisdienste en sulke werk as 'n getuienis om siele te probeer red? Ook, moet mens alles wat hulle het nou verkoop, die Here kom so spoedig?**

200 Wel, hoe—hoe gaan jy . . . Ek hoop nie ek het enigiets gesê wat veroorsaak het dat jy so-iets glo nie. Het ek? As ek het, vergewe my! Ek bedoel nie . . . Sien? Moenie sommer net daardie dinge aanneem nie. Hou net aan voortgaan, te preek, tronkdienste te hou, almal te kry, en moenie . . .

201 Kyk hier. Die Sewende Dag Adventiste het hier nie lank gelede nie, omtrent vyftig of sestig jaar gelede, ek het dit gesien in die *Courier-Journal* koerant (ek het dit êrens in 'n trommel gekry), 'n yslike groot stuk *Courier-Journal* koerant, waar hulle die ou vlerke uitgesprei het, waar toe hulle Milleriete genoem is voor hulle Sewende Dag Adventiste geword het. En hulle het 'n hele groot blaai gehad in die *Courier* koerant hier by Franklin, Kentucky, toe hulle almal hulle eiendom verkoop het en gegaan . . . Hulle het 'n sekere datum vasgestel, dit deur die Skrif bewys, Jesus sou op daardie datum kom, en het daar gegaan en hulle harpe en goed gevat, en bo-op die heuwel gaan sit. Die volgende oggend afgekom, die dou het al die vere laat afval, en hulle het afgeblaas terug afgekom. Sien? Dis sektes en dinge.

202 Julle moet dit nie glo nie. Jesus mag dalk nie voor nog honderd jaar kom nie. Ek weet nie wanneer Hy kom nie. Geen mens weet wanneer Hy kom nie! Maar ek gaan probeer aanhou preek en alles doen wat ek kan totdat Hy wel kom. As Hy nie vandag hier is nie, sal ek Hom môre verwag. As Hy nie hier is van . . . hierdie week nie, sal ek volgende week vir Hom uitkyk. As Hy nie binne die volgende tien jaar hier is nie, en ek lewe, sal ek die volgende dertig jaar vir Hom uitkyk. Sien? Ek sal steeds uitkyk. Ek weet nie wanneer Hy kom nie, maar ek wil getrou aan Sy Woord lewe en getrou aan Sy mense, en leef soos 'n Christen, en wag op Sy koms. Sien?

203 Hou aan tronkdienste preek, kry almal gered wat jy kan. Ek weet nie wanneer Hy kom nie; niemand weet nie. Maar ek sal hierdie een ding sê. Dit is wat ek julle probeer sê, en ek hoop julle probeer nie julle eie interpretasie plaas . . . Skel nie hierdie persoon uit nie. God seën jou Broer, Suster, wie jy ook al is. Dit het gelyk of dit iemand van buite die stad is, want dit was op 'n—op 'n poskaart, dink ek, van Denver, Colorado af, en . . . Ja, Pike's Peak, Colorado. So dit kon iemand gewees het wat dit per pos ingestuur het, maar dit—dis heeltemal in orde. Hulle mag die band kry.

204 Maar laat ons onthou, jy moet niks verander nie, net jou weë van sonde na geregtigheid. Hou maar net aan by jou werk, gaan net op dieselfde manier voort. Almal wat dit duidelik verstaan, sê: "Amen!" [Gemeente antwoord: "Amen!"—Red.] Sien? Doen dit nou!

**315. Broer Branham, in Matthéüs 12:40, staan daar: "Soos Jonas was in—drie dae en drie nagte in die walvis se maag was; so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees." Hoe kan dit daardie dag wees dat hulle sê . . . vandag dat hulle sê Hy is Vrydagaand in die graf gesit en het Sondagoggend opgestaan, wat dit net twee nagte en een dag maak?**

205 Nou, as julle oplet, daar het gestaan: "Soos dit was" (julle sien?) in die dae toe Jona drie dae en drie nagte in die maag was. Dis binne drie dae en drie nagte, binne daardie drie dae en drie nagte, want jy kan nie die Skrifte laat lieg nie. Die profeet het gesê: "Ek sal nie my Gunsgenoot verderwing laat sien nie, ook sal Ek nie Sy siel aan die doderyk oorgee nie." En verderwing tree in die menslike liggaam in na twee-en-sewentig uur, wat drie dae en drie nagte is. Een of ander tyd binne daardie drie dae en drie nagte dat Hy uit die graf moet uitkom.

206 So om daardie drie dae en drie nagte te wees, beteken nie dit moet presies dit wees nie; dis een of ander tyd binne daardie drie dae en drie nagte. Hy moes uitkom, want die profesie kan nie verbreek word, dat die . . . Hy kon nie verderwing sien nie en dit sou verderf het as Hy presies daardie tyd gebly het.

**316. Broer Branham, as 'n man getroud was en geskei is** (Is dit nie aaklig nie, sien, soveel? Nou, ek sê nie iets teen die mense nie; net dit is op die mense se gemoed. Sekerlik, hulle is bekommerd. Die Wegraping, was altyd so dat mense nie soveel daaraan gedink het nie; daar was nie soveel daarvan nie. Maar nou, het dit net die wêreld aangegryp. En die mense lees hierdie dinge in die Skrif. En mense, Uitverkorenes, daarbuite, kom in om daarna te kyk. En hulle sien dit, en hulle is opreg. Hulle wil weet. Dis waarom ek dit wil beantwoord met net soveel insig daarvan as wat ek dit vir julle kan gee.) **—getroud was en geskei is en dan hertrou het met 'n vrou wat ook getroud was en geskei is en toe met hom getroud is, en hierdie twee kan—kan . . . getroud in God se oë . . . is hulle getroud in God se oë? Hoe kan altwee of een van hulle in die Wegraping wees?**

207 Hoe? Ek weet nie. Ek sou julle nie kon sê nie. Die vraag is: "Kan hulle in die Wegraping wees?" Geskei, elkeen van hulle geskei, elkeen van hulle het 'n lewende metgesel, toe het hulle weer getrou, altwee van hulle het weer getrou. En nou, een wat . . . Hierdie vrou het 'n lewende man; hierdie man het 'n lewende vrou. En nou, hulle het kinders ensovoorts en wil na

God toe kom. Kan hulle in die Wegraping gaan? Dit sal van die Hemelse Vader afhang. Ek kan dit nie antwoord nie. Sien?

208 Ek—ek het een ding gesien. Die Bybel het gesê dat hulle 'n egbreker genoem sal word. En die Bybel het ook gesê: "'n Egbreker sal nie die Koninkryk van die Hemel binnegaan nie." Dis al wat ek kan sê. Ek—ek weet, dit maak my net dood om dit te sê, maar ek kan nie sê behalwe wat die Woord sê nie. Ek moet daarby bly. Ek hoop dat dit heel verkeerd is. Daar is plekke in die Bybel . . .

209 Ek adviseer julle nie. Asseblief, laat ek julle net 'n klein Skriffie gee. Asseblief, asseblief moenie—moenie—moenie . . . As jy gelukkig lewe met jou man, gelukkig lewe met jou vrou, bly asseblief so. Sal julle? Net—net vir, omdat ek dit vir julle gesê het, moenie—moenie daardie kindertjies sonder 'n huis en sulke dinge laat nie. God het regstellings gemaak op plekke vir mense wat—wat—wat dinge verkeerd gedoen het. Onthou julle, Jesus het van Dawid gesê toe hy honger was, het hy in die tempel van God ingegaan en die toonbrode geëet, wat net vir die priester veroorloof was, en is onskuldig bevind. Die priester laster ook die Sabbat op die Sabbatdag en word onskuldig bevind, en een, groter as die Sabbat, is hier. Sien? Daar . . . Ek . . . Laat ons—laat ons dit net aan God oorlaat, en voortgaan, en leef net soos wat julle . . . Lewe nou maar net—net vir Christus.

210 Laat ons sien, daar kan 'n kans wees vir julle om in te kom. Moenie maak . . . Twee verkeerdes sal nooit een regmaak nie. Gaan net voort en leef soos julle is, as julle gelukkig is—as julle gelukkig is saam. Jy het dalk die verkeerde metgesel. Ek sal hierdie een ding sê: as jy die verkeerde metgesel het in hierdie vrou, in hierdie lewe, sal jy dit nooit in die ander een hê nie. Alle verkeerdes sal reggemaak word.

**317. Sal alle wedergebore gelowiges in die Wegraping gaan?**

211 Nee, net die oorblyfsel, net die oorblyfsel, nie alle wedergebore gelowiges nie. Die Bybel het gesê: "En die ander dooies het nie herlewe totdat 'n duisend jaar voleindig was nie," en toe is hulle opgewek en geskei, die skape van die bokke. Nie alle wedergeborenes sal gaan in die . . . volgens die Skrif nie.

**318. Wat is die bewys dat 'n persoon werklik met die Heilige Gees vervul is?**

212 Johannes 14:26: Hy sal . . . "Wanneer die Heilige Gees gekom het (sien?), sal Hy julle dinge toon wat moet kom." Sien? Hy sal 'n . . . Hy sal dit vervolmaak; "mens-gemaaktes" sal dit nie doen nie; en Hy is die Woord. Wanneer Hy die Heilige Gees gekom het, sal Hy Homself identifiseer in jou met die Skrif. En dit is die ware teken dat die Heilige Gees in jou is, want Dit is die Woord.

213 Nou kyk! Wat as jy in tale sou praat? Ek wil julle dit net vra. Jesus het gesê wanneer die Heilige Gees kom wat Hy sou doen. En wat as jy in tale gepraat het, op-en-af gespring het, uitgeroep

het, en wat nog alles, en dan by die Woord kom; en ek sal julle sê die doop van. . . vir julle deur die Skrif bewys soos ek al het, dat die doop met die gebruik van die titel van Vader, Seun, en Heilige Gees absoluut 'n misverstand is in die Skrif, niemand is ooit so gedoop nie, en jy gaan voort en hang dit nogtans aan? Sou jy my kon sê die Heilige Gees in jou sal so-iets doen? Hoe kan Dit Sy Eie Woord ontken?

214 Wanneer ek julle wys wat veronderstel is om plaas te vind in hierdie dag, hoedat die Seun van die mens Homself sal openbaar, en wat Hy sal doen, en al hierdie Skrifte wat nou as, en Hom dan net sien neerdaal en dit identifiseer, en julle bly net 'n denominasie aanhang en sê dat julle wedergebore is? Sou jy enige sin daaruit kon maak?

215 Sou ek vir my vrou kon sê ek het haar lief, en—en 'n afspraak met 'n ander vrou hê, en rondloop, en dan vir haar uit my hart uit sê ek het haar lief? Dink julle dit sou ware liefde wees? Sou sy my kon sê sy het my lief, en terwyl ek weg is, loop sy rond met 'n ander man?

216 Dis presies wat Israel gedoen het om. . . Julle ken die Bybel daar, hoe Hy gesê het, praat. . . Israel, het gesê: "Jy het jou ledemate van mekaar geskei en elke man wat verbygekom het, ingeneem, en jy het die rol van hoerery gespeel met My; en Ek sal met jou wegdoen in egskeiding." Presies! Wat is dit? Jy pleeg egbreuk teen jou eie liggaam. En wanneer 'n vrou uitgaan en met 'n ander man saamleef, of 'n man met 'n ander vrou, wanneer hulle met hulle getroud is, onteer hulle hulle eie vlees. En wanneer 'n persoon sê dat hy 'n Christen is en absoluut sal ontken dat die Skrif reg is, pleeg hy egbreuk teen die Liggaam waarin hy aanspraak maak om te wees. Sien? So dis 'n teken van antichris, soveel dat dit die Uitverkorenes sou mislei indien moontlik.

**319. Broer Branham, is dit in orde vir 'n—'n jong kind om langbroek en kortbroek te dra?**

217 Hoe jonk? Jy moet dit maar besluit; as jy 'n Christen is. 'n Klein dogtertjie of enige klein kindjie, veronderstel ek, ek weet nie, ek. . . Al wat ek weet, die Bybel sê dis 'n gruwel vir 'n vrou om 'n kledingstuk te dra wat—wat by 'n man behoort. Sien? "'n Vrou," het nie gesê: "'n kind," nie. Maar nou, ek net. . . Maak jy maar soos jy wil wat dit betref, ek. . . Wat my betref, ek sien niks verkeerd met 'n klein kindjie, klein dogtertjie vier of vyf jaar oud met 'n. . . Wanneer hulle klein goedjies is, julle weet wat ek bedoel, hulle hardloop daarbuite op die werf rond. As sy dra, wat julle langbroek of wat ook al noem, 'n klein kindjie is, ek—ek sien niks daarmee verkeerd nie. Miskien. . .

218 Sien, ek sê julle net wat die Woord sê. Dis 'n gruwel vir 'n vrou om 'n kledingstuk te dra wat by 'n man hoort.

**320. Waar moet ons onsself vergader? En jy het gesê om julleself op die Basuine te vergader.**

219 Ek meen, maat, Suster, wie dit ook al is, jy's—jy's verkeerd daar. Ek het nooit gesê vergader op die Basuine nie. Ek het gesê Israel het op die Basuine vergader, nie die Heidense Bruid nie. Nee, nee! Die Basuine, die weerklink van die Sewe Basuine was om Israel te versamel (hoeveel weet dit?) van oor die hele. . .Ja, nie die. . .Nee, nee! Uh-uh! Nee, nie—nie—nie Israel nie. So, dis nie dat. . .Ons vergader nie op die Basuine saam met die—by—nie die Bruid nie. Die Basuine kom na die Pinksterfees. Sien? En die Wegraping kom. . .En dit. . .nou nie hierdie vraag nie.

**321. Broer Branham, as jy tyd het, verduidelik asseblief Matthéüs 10:41. Ek wil graag weet wat is 'n profeet se beloning?**

220 Nou wel, Jesus het gesê: "Wie ook al 'n profeet ontvang in die naam van 'n profeet, sal 'n profeet se loon ontvang." 'n Profeet se loon is om 'n vriend te wees met die profeet. Wie ook al 'n regverdige man ontvang in die naam van 'n regverdige man, ontvang 'n regverdige man se loon. Is dit reg? En as hulle wil weet wat 'n profeet se loon is, is om 'n vriend vir die profeet te wees. Sien? Dis 'n beloning. Hy's jou vriend.

221 Soos die Sunamitiese vrou, dit kan eendag handig te pas kom. Sien? Dit het vir haar. Sien? Kyk na God se diensknegte.

O, goeiste! Nou, ons is. . .Ek—ek moet net afsluit en, vriend, ek—ek wil dit nie graag doen nie, maar kyk net hier, kyk net wat, honderde. [Broer Branham word deur die gemeente aangemoedig om nog te beantwoord—Red.] Nee! Maar—ek weet, maar kyk, ek—ek hou daarvan dat julle dit sê, maar ek dink aan hierdie arme mense wat nog honderde myle moet ry vannag. Goeiste, hulle is net. . .daar's soveel daarin, ek. . .

**322. Broer Branham, ek wil graag van die Millennium weet. Is dit na die Bruilofsmaal, of—of is dit op aarde, alles daaroor. Ek nie—verstaan dit nie.**

222 Wel, Broer of Suster, dis vir myself swaar om dit te verstaan. Maar al wat ek kan sê, is dit: dat die Bruilofsmaal voor die Millennium kom.

223 Nou, sien, iemand, weet ek êrens hierin, het 'n vraag daaroor, wat sê: "Broer Branham, jy's—jy's verkeerd oor die sewentig weke van Daniël. Daar sal steeds sewentig weke wees." Nee, die Messias moes kom en profeteer, en in die middel van die sewentig weke, sewentig weke, wat sewe jaar is, sou Hy—sou Hy van onder die lewendes afgesny word en 'n offerande gemaak word. Hoeveel onthou dit? Goed. Hoeveel jaar het Jesus dan gepreek, die Messias? Drie-en-'n-half. Dan is daar nog drie-en-'n-half bestem.

224 En in Openbaring die 11de hoofstuk, gaan hierdie twee profete, hulle profeteer eenduisend tweehonderd-en-sestig dae. Drie-en-'n-half jaar nog vir Israel belowe wanneer die Heidense Bruid weg is. Hoeveel verstaan dit nou? Sien? Goed, goed.

**323. Dit is 'n. . . Ek het 'n middagete toonbank en bedien hoofsaaklik hoërskool leerlinge. Vandat ek in die Lig ingekom het, het ek die dobbelmasjien en die** (die blêrkas; wat hulle het) **j-box uitgehaal. Die jongspan rook wel en hulle wil die ruk-en-rol musiek hê op die—op die radio. Ek maak net omtrent vier uur per dag oop. Ek gaan nie—ek gaan nie saam met rook of drink nie, maar ek is bekommerd daaroor om die plek te behou.**

225 Julle weet, dis 'n probleem. Sien? Die ding is, dat jy—jy. . . miskien 'n lewe moet maak. Maar weet julle wat dit vir my sou doen? Dit sou my so senuweeagtig maak, ek sou nie kon. . . Ek—ek—dat. . . Julle mag dit miskien kan verdra, maar daardie groepie "Rickys" daarbinne wat so aangaan, en "Rickettas," ek sou—ek sou—dit sou my gek maak. Sien?

226 En ek sê vir julle; ek—ek. . . As dit myne was, weet ek wat ek sou doen. Ek sou sê: "Jy stop dit of gaan hier uit." Sien? Ek sou 'n regte soort plek bedryf of glad nie bedryf nie. Maar jy, as jy dit moet doen vir 'n lewe, ek wil jou nie verontagsaam nie, Broer of Suster. Ek—ek weet dit is swaar om hierdie dinge te sê; maar dit—dis net. . . Dit is nie reg nie (julle sien?), want dit sou lyk asof dit soort van. . .

227 Soos iemand vanmôre gesê het oor ons vroue wat hulle rokke so kort dra, ons ouer vroue, was 'n swak voorbeeld vir die jong dames. Ek dink dit is ook reg. Julle sien?

228 En ek dink daardie selfde ding. Wanneer hulle jou daarbinne sien waar al hierdie rokery en aanganery is, en jou getuienis ken, en al hierdie vloekery en—en so saamkoek om hierdie kindertjies, en hulle wat so aangaan, en jy sê niks daaroor nie, is dit 'n slegte ding vir jou getuienis. Doen jy maar net wat die Here jou ook al lei. Ek bid dat God jou na die regte weg sal lei.

**324. As** (s-a-n-d-. . .)**tou te staan om by die kerk in te kom net 'n herinnering gaan wees, wat gaan gebeur as ons nie deur die Verdrukking gaan nie? Gaan ons wees—gesien word. . . selfde. . . 'n mate van lyding?** As ons nie moet sien. . .

Sien? Ek. . . Hierdie vraag is waarskynlik dit. Ek probeer opskud; ek—ek—ek behoort dit nie te doen nie. Behoort hierdie terug te plaas, want daar's 'n plek waar jy 'n uur daarby sou kon stilstaan (sien?) en dit—breek dit net af. Ek sal—ek sal ophou.

229 Kyk. Die mense wil dit sê, dink dat hulle—die Kerk die Verdrukking gaan beleef. Sien? Dit sal nie; Dit kan nie (sien?), want Dit is alreeds verlos.

230 Nou, die kerk, die—die nominale gelowiges soos Lot, hy gaan deur die Verdrukkingsperiode (sien?) en word gered asof deur vuur. Noag het deur die Verdrukkingsperiode gegaan, is daarbo gedra, het uitgekom met Gam wat weer die aarde besoedel het. Sien? Lot het uitgekom, sy eie dogters het by hom geslaap, en het kinders gehad by sy eie dogters. Sien? Maar Abraham het die Koninklike Saad voortgebring, het die Saad van die belofte voortgebring. Henog het in die Wegraping na Heerlikheid gegaan, het net gaan wandel en het huis toe gegaan. Hy het nooit deur die Verdrukkingsperiode gegaan nie. Sien julle?

231 Daar het julle dit. Sien? Dit maak nie, die Bybel kan nie deur 'n tipe...En die tipes kan nie faal nie. Sien? Dit voorspel nie dat die Bruid...Nou, die kerk sal deur die Verdrukkingsperiode gaan.

232 Nou, die mense sê: "Wat van die vroeë heiliges?" Dit was die verandering van die bedelings. Dit was onder vervolging, wat as jy hier was om na hierdie *Kerkeeue* te luister, en te sien hoedat hulle uitgegaan het in daardie duisternis in en dit moes doen, dan wys dit waar hulle daardie vervolging moes ondergaan, want elkeen van die kerkeeue en alles begin toon dat hulle donkerder en donkerder geraak het, totdat hulle uiteindelik gekom het by 'n volledige plek dat hulle Sy Naam ontken het en 'n ander naam aangeneem het dat hulle geleef het en dood was, Sardis. En dan het dit daar voortgekom, Thiatire en Sardis, en dan het voortgekom, dan begin dit voortkom na die Filadelfia ensovoorts, en kom dan by die tyd van die uitroep van die Bruid wat al die oordeel sou ontsnap. Dit is waardig geag om al hierdie oordeel en toorn te ontsnap wat op die aarde moet kom, dat jy waardig geag kan word om dit te ontsnap, nie daardeur te gaan nie, dit te ontsnap. Sien? Verstaan julle nou, almal? Sien?

233 Die kerk, die louwarm, die enigiets buite die uitverkore Bruid sal deur die Verdrukkingsperiode gaan. Hulle sal nie in die eerste opstanding opstaan nie: "Die ander dooies het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie," net die voorbeskikte, voorbestemde, uitverkore Bruid, God se eie uitverkiesings. "Wie is dit, Broer Branham?" Ek weet nie. Ek kan jou nie sê wie dit is nie, maar ek weet dit gaan daar wees, want die Here het gesê hulle sal. Sien? Hulle is diegene wat sal opgaan van die Verdrukking af weg, maar die res van hulle sal deur die Verdrukking gaan, ondergaan, en alles sal doodgemaak word voor die Millennium. Dan sal die—die regverdiges uitkom in die Millennium en 'n duisend jaar leef.

234 En na die duisend jaar, dan kom die groot Wit Troon Oordeel, en dan word die dooies, beide reg en verkeerd, opgewek. En die boeke word oopgemaak, en die Boek van die Lewe is geopen; en sit die heiliges, die Eggenote en die Eggenoot, en oordeel die wêreld. En daar word dit die gesegde vervul: "En Hy sal alle nasies oordeel met 'n ysterstaf." Al die nasies sal daar voor Hom

staan, en Hy sal hulle met die ysterstaf oordeel. Hy sal die skape van die bokke skei en vir die bokke sê: "Gaan weg," en die skape: "Kom, julle geseëndes van My Vader."

235 Nou dan, sal daar 'n laer-byeenkoms wees van die heiliges oor die breedte van die aarde. En Satan word losgelaat uit sy gevangenis en gaan weer oorlog maak teen die heiliges, presies net wat hy in die Heerlikheid gedoen het om mee te begin. En dan laat God vuur en swawel uit die hemele reën, en die hele aarde word verwyder soos . . . Dit verbrand net en word vernietig. En daar is nie meer 'n see nie, nie meer water nie, niks meer oor op die aarde nie. Vulkane sal sprei en losbars en blaas, en die hele ding . . .

236 "En ek het 'n Nuwe Hemel en 'n Nuwe Aarde gesien: want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en daar was geen see meer nie. Ek, Johannes, het die Heilige Stad sien neerdaal van God uit die Hemel soos 'n Bruid versier vir haar man." Onthou julle dit? En in hierdie Bruid . . . "Kyk, die Tabernakel van God is by die mense," en God sal by hulle woon op hierdie piramied-vormige Stad van vyftienhonderd vierkante myl. En in die top van die Stad sal daar 'n Lig wees. Amen!

O, die stad daar op Berg Sion,
Dié het ek lief, hoewel nog vreemd vir my.
Ek hoop wanneer ek eendag
Die stad bereik, dat ek jou daar sal kry.

237 Bo-op Berg Sion sal die Lam sit. En die Stad sal geen lig nodig hê nie, want die Lam is die Lig daarvan. En bo die Lam sal die Vader wees, wat die *Logos* is, God, die groot Lig, die Ewige Lig wat sal skyn net bokant die Troon. En Jesus sal nie op Sy Vader se Troon wees nie, Hy sal op Sy Troon wees. En die Vader sal sweef oor die Seun, waar die Vader en Seun Een sal wees. "En terwyl hulle nog praat, sal Ek antwoord. Voor hulle kan dink, dink Ek vir hulle." Dis reg.

238 En Jesus sal 'n volmaakte, volmaakte eeu toewy aan 'n . . . die volmaakte lewende God, wat Hy verlos het en oorgegee het aan die Vader. Is dit reg? Sal keer tot God die Vader wat Gees is, nie 'n mens nie, Gees. Goedheid van alle aard saamgevat, dis God. En in goedheid . . . Nou, alles wat verderf is van goedheid, is boos; dis Satan se koninkryk. Alles wat goed is, behoort aan God. Alle boosheid behoort . . .

239 En toe het God materieel geword in 'n Mens genaamd Jesus Christus wat Sy Seun was. Hierdie Seun het Sy Lewe gegee sodat Hy ander seuns kon bring, dat God tasbaar kon word, in alles in almal kon werk. "In daardie dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My, Ek in julle en julle in My."

240 O, broer, dit sal 'n ware dag wees. Jy sal nie hoef oor te ry van Birmingham af om die Boodskap te hoor nie; die Boodskap sal dan reg by ons wees, sal dit nie? O, dit sal 'n—dit sal 'n

wonderlike, wonderlike tyd wees. Ons sien uit na daardie dag; mag God dit spoedig laat kom.

241 Daardie groot Stad wat daar sit (nou, sien?), dit sal nie . . . Julle dink: “Vyftienhonderd myl hoog?” Dis wat die Bybel gesê het. Nou, dit sal nie vyftienhonderd myl net so regop wees nie. Sien? Ons het ’n ander geografiese maat wat alle sye gelyk is; dis ’n piramide. Sien?

242 En die Stad sal waarskynlik omtrent ’n sestig grade begin. En as dit begin, vyftienhonderd myl daarvan, dink net hoe hoog sal dit wees, maar hoe lank dit sal neem om daar te wees. Jy sal kwalik weet jy loop teen die heuwel op. Want vyftienhonderd myl hoog teen ’n sestig grade, is jy net omtrent soos *dit*. Sien? En die Stad is heel op hierdie heuwel. En dit is net so hoog as wat dit lank is; dis net so lank as wat dit wyd is. Die hoogte, by die diepte, by die breedte, dit—dis gelyk; al die mure is gelyk. ’n Piramide het vier mure, en hierdie vier mure sal wees . . .

243 Nou, die mure om die Stad sal wees—sal tweehonderd-en-sestien voet hoog wees, honderd vier-en-veertig el, en elkeen van hulle is ’n steen. Dink net aan daardie Stad, vriende. O, goeiste! Waarvoor—waarvoor sit ons hier in hierdie warm plek? Waarom doen ons hierdie dinge? Waarom ry ons so? Waarom—waarom swoeg ons? Dis elke duim van die pad werd.

> O, die swoeg op die pad sal lyk na niks,
> As ek kom by die end van die weg.

Dis reg. En, o, watter tyd sal dit nie wees nie.

244 En daar sal Jesus op die Troon sit. En onder die Troon uit sal die rivier van die Lewe vloei, afdrup van hierdie vier mure af in klein valletjies in, en in klein takriviertjies in, en ’n rivier kom vorm, en af deur die Stad langs. Dit sal so regdeur die strate langs gaan, en aan elke kant staan die bome van die lewe wat sal dra, of, hulle vrugte sal verander elke—elke dertig dae. O, wat ’n Stad.

245 En onthou, God, die Skepper, wat die hemele en aarde gemaak het, is juis nou in die Heerlikheid besig om daardie Stad voor te berei. Abraham het Daarna gesoek. Hy het sy tuiste verlaat; hy het geskei van alles wat vir hom dierbaar was en gesoek na . . . Waarom? Hy was ’n profeet. En synde ’n profeet, was hy verbind met die Gees en deel van die Gees. En Iets het binne-in hom vir hom gesê: “Daar is ’n Stad,” en hy het Daarna begin soek. Gesê: “Ek’s ’n reisiger, ’n vreemdeling. Ek soek na ’n Stad waarvan die Boumeester en Oprigter God is.” Hy het geweet daardie Stad is êrens. O, goeiste! En ek glo dat net daar op die gronde waar hy Daarna gesoek het, net daar in Palestina, dis daar waar Dit sal opstaan, want Dis op die Berg Sion. Dis daar waar Sy sal wees.

246 Kyk waar sal Sy uitstrek in die—in die see in, van see tot see. Dink aan daardie vyftienhonderd myl Stad wat daar op die berge van die Here sit. O, dit sal wonderlik wees!

247 En die leeu en die lam sal saam gaan lê. Die leeu sal strooi eet soos die bulkalf. En die beer sal saggeaard wees, en die wolf sal mak wees. Watter tyd sal dit nie wees nie! Niks sal seermaak of vernietig nie; alles sal in vrede en liefde wees. Daar sal geen ouderdom meer wees nie; daar sal geen siekte meer wees nie, geen doodgaan meer nie.

248 Mense, dit is nie een of ander Sinterklaasstorie, een of ander mistieke iets nie, dit staan geskrywe in die Woord. En nog nooit het die Woord gefaal nie. En om te dink aan die einste belofte van . . . Nie destyds in die Bybelse dag nie, maar in hierdie dag, die dag wat God, vandag, nog nie een jota van Sy Woord het al ooit gefaal nie. O, ek is op pad na daardie Stad. Ek het Dit lief, het julle nie?

249 Nee! Nou, Broer, Suster, dit sê twintig oor nege. Ek weet ek het 'n paar vriende hier van daar ver onder in Kentucky. Ek weet ek het vriende hier van verskillende dele van die land. As julle die hele nag wil bly, ek sal vir julle kamer betaal. Ek het julle gesê, julle het aandete wat vir julle wag en betaling vir julle motel as julle wou bly. En al wat julle moet doen, is om hom daaragter te gaan sien, en ek sal dit verseker doen. Ek sal enigiets doen wat ek kan om julle te help. Ek het julle lief.

250 Ek bedoel nie om hierdie vrae miskien soms teenstrydig te beantwoord nie. As julle dit nie glo nie, is dit heeltemal in die haak. Ek wil hê julle moet my nietemin nog net so liefhê, want God weet ek is so met julle. Ek antwoord hierdie vrae slegs na die beste van my wet- . . . Ek kon dalk verkeerd gewees het met party van hulle, vriend, maar dit was nie moedswillig verkeerd nie. As ek omtrent ses of agt vrae gehad het, sodat ek net reg by hulle kon bly en hulle net enduit kon verduidelik het, maar ek, in plaas van om nou heel deur hulle te jaag . . . Ek het 'n paar van hulle oor troue en egskeiding. Ek het net . . . gedink ek sal 'n paar van hulle beantwoord. Ek kon nie nog hier kry lê nie, het hulle opgetel, maar ek het 'n paar baie belangrike vrae hier gekry, baie belangrike vrae. Ek wil hulle vir julle beantwoord as ek kan.

251 Nou, as julle hierrond naby bly, bel vir Billy, Woensdag; ek sal teen daardie tyd weet of ek terug sal wees. Ek sal hierdie week bid. Maar ek het 'n klomp private onderhoude, o, 'n stapel omtrent soos *dit*. En ek het byna *net* soveel in Arizona om een van die dae te voer, wanneer ek kan. En dit is mense wat regtig siek is. Party van hulle het probleme, en hulle weet net nie wat om te doen nie: mans en vroue met probleme.

252 En sommige van hierdie hier moes na private onderhoude verander word, want ek kon dit nie sommer uitlees, wat die mense hierin gesê het oor hulle huweliksake en sulke dinge nie.

En ek het Billy net laat teruggaan en uitvind wie hulle is, en—en hulle bel, en hulle sê ons sal hulle maar net op onderhoud plaas, sodat ek met hulle kan praat. Party baie ernstig, en dis vrae wat beantwoord behoort te word.

253 Ek is hier om julle te probeer help, omdat ek julle liefhet. Julle is my kinders wat ek vir Christus verwek het. Ek eis elkeen van julle. Ek eis julle vanaand; ek eis julle die heeltyd; ek eis julle altyd, en dit as my broer en suster. Julle is my kinders; ek—ek's julle vader in die Evangelie, nie vader soos dit 'n priester sou wees nie, ek's—ek's julle vader in die Evangelie soos Paulus daar gesê het. Ek het julle vir Christus verwek, en nou, gee ek—ek julle in die huwelik aan Christus; dis verloof julle as 'n reine maagd aan Christus. Moet my nie in die steek laat nie! Moet my nie in die steek laat nie! Bly julle 'n reine maagd.

254 "Hoe sal ek dit doen, Broer Branham?" Bly reg by die Woord; lewe skoon en suiwer; moet niks te doen hê met die dinge van die wêreld nie. As die liefde daarvoor in jou hart is, sê: "O, Jesus, neem dit asseblief van my af weg. Ek wil nie so wees nie."

Nou, ek bedoel nie om net 'n persoon te wees wat—wat dit sê nie. Ek—ek bedoel om 'n ware gelowige te wees. Glo Jesus Christus en leef elke dag vir Hom. Moet geen kwaad doen nie.

255 Nou, baiekeer praat ek van Calvinistiese geloof. Nou, moenie dink dat dit jou loslaat om enigiets te doen wat jy wil nie. 'n Kêrel nou die dag . . . Ek het gesê: "Het jy kerk toe gegaan?"

Hy het gesê: "Ek het gaan jag."

Die man se vrou het na my toe gekom, en sy het van die wasgoed wassery af gekom op Sondag. En ek het gesê: "Hoekom het jy nie kerk toe gegaan nie?"

Sy het gesê: "Ek het my wasgoed gewas."

Ek het gesê: "Jy moes dit nie gedoen het nie."

"Wel," het sy gesê: "ek's nie 'n ou wettiese mens nie."

Ek het gesê: "Maar ek het gedink jy is 'n Christen." Sien? Ek het gesê: "Het jy geweet jy plaas 'n struikelblok op iemand se pad?" Sien? Ek het gesê: "Dit . . . "

"Wel, aag, ek—ek glo *dit*. Ek hoef nie daardie dinge te doen nie. Ek's nie wettiese nie."

256 Wel, kyk my Broer, Suster, kyk hier. Paulus het gesê: "As om vleis te eet 'n struikelblok plaas op my broer se pad, sal ek nie meer vleis eet solank as die wêreld staan nie." En ek dink dit sou heelwat beter wees . . .

257 Nou, sê: "Broer Branham, jy jag. Het jy al ooit op 'n Sondag gejag?" Laat ek vir julle iets sê. Nie . . . ek klop nie myself op die skouer hieroor nie, maar ek's . . . Ek is nou nie 'n Sabbatariër nie, ek glo die Heilige Gees is ons Sabbat. Ek glo dit, maar ek glo ons behoort daardie opstanding te eer as 'n herdenking.

Dis ’n herdenking wat ek. . .As jy enige dag eer, eer daardie opstanding.

258 Nou, daar’s geen wet oor die onderhou van enige spesifieke dag nie, want jy gaan die Sabbat binne, die vrede, wanneer jy Hom binnegaan. Ek het daardie vraag hier om binnekort te beantwoord in elk geval, as die Here wil, oor wat is die Sabbatdag? Ek sal dit verduidelik, as God wil.

En let nou op, onthou dit. Sien? Toe ek ’n klein seuntjie was, reg hierbo waar Eichs gewoon het langs die pad, ek was omtrent veertien jaar oud; ek het strikke gestel om ’n lewe te maak. Al wat ek gehad het om te help brood bring in ons huis, was om muishonde, bisamrotte, buidelrotte te vang.

Ek het gehou van strikke stel, en ek moes dit doen. Ek sou skool toe gaan terwyl ek soos ’n muishond ruik, en ek—ek het net een stel klere gehad, en dis al wat ek kon dra. Dis al wat ek gehad het. Ma het hulle uitgetrek en hulle gewas, hulle weer aangetrek; en nou, dis hoe ek skool toe gegaan het, klein seuntjie. Maar ek het een aand daar gestaan; ek het gesê: “Ek het daardie strikke gestel daar by Wathen’s rond, daar bokant dit.” Ek sou elke oggend omtrent twee-uur gaan met ’n lantern om hierdie strikke na te loop, dan betyds terugkom om skool toe te gaan. Sou ek ’n konyn vang; het ek vyftien sent daaruit gemaak. Ek het ’n dosie patrone daarvoor gekry, en miskien maak dit drie of vier konyne dood. Wat ons nie koekies en konyne van moes maak nie—wel, sous vir aandete, nie, die ander het ek verkoop, en miskien genoeg gekry om ’n bietjie brood te kry, of ’n bietjie mieliemeel, of ’n bietjie meel om sous mee te maak. Ek weet nie of julle so moes lewe of nie.

259 Ek sou striklyne in die rivier stel; afgaan, en daardie vis gaan haal, en hulle verkoop vir tien sent ’n pond. My striklyne stel. Ek het geen skuit gehad nie; ek sou met ’n stomp uitswem. In die rivier ingaan, en dis nog koud, my emmertjie met aas hier op die stomp neersit en om so te roei en roei, my kaal lyf in die rivier, en hierdie nagaan. . .Het vir my ’n tou aan hierdie kant gehad, om my vis aan vas te maak. Daardie ou katvisse se vinne wat my so in die been langs steek, en my aas aansit. . .

260 Maar kyk, menige nag het ek uitgegaan in daardie rivier teen elfuur en elke stukkie aas van daardie lyn afgeskud. As ek nie genoeg kon vang in ses dae nie, wou ek nie die een hê wat op die sewende dag kom nie. Ek het daar gestaan in die reën.

261 Een nag, ek kan myself nog daar sien staan, geleun teen. . . Ek was ’n sondaar; maar ek het gestaan, geleun teen die kosyn so, die deur. O, dit het reën neergegiet, baie naby elfuur. Ek het gesê: “Ek sal laat wees vanaand, maar ek gaan elkeen van daardie strikke afslaan. Ek sal hom nie op die Sabbat vang nie.” Ek het gesê: “Ek sal nie—ek sal nie daardie strikke stel nie.” God het dit geëer.

262 Ek onthou die tyd toe ek altyd wou, ek wou altyd, my hele lewe lank graag 'n jagter wees. My oupa was. Julle weet, my ouma het uit die reservate gekom; sy het 'n pensioen getrek. Ek is net só lief vir die buitelewe.

263 En ek onthou ek wou altyd . . . Ek—ek wou my hele lewe lank net so graag . . . Gedink as ek ooit genoeg geld kon kry dat ek 'n .30-30 geweer kon besit . . . As ek dit ooit kon doen, dan sou ek 'n klomp slagysters kry. Ek sou na die berge gaan; ek sal die res van die wêreld agterlaat. Ek het gedink: "Miskien eendag as ek my .22 vat en oefen om 'n goeie skut te wees, sal een of ander jagter wil hê ek moet saamgaan. As ek 'n werklike goeie skut raak, sal hy my laat saamgaan vir sy beskerming; dan sal ek kan gaan jag." Ek kyk, wat hang teen my mure, en die beste gewere wat geld kan koop hang daar, dat ek vir mense gewere kan leen om te gaan jag.

264 Hy laat my in die berge ingaan en preek, en party van die beste gidse wat daar in die wêreld is, neem my om te gaan jag, verniet. "Genade onbeskryflik groot, hoe soet die klank."

265 Toe ek . . . Selfs vanoggend, 'n ou takbokjagter hier iewers met 'n .35 Remington, ek het nie regtig die geweer nodig gehad nie, maar hy het sy arm om my gesit, gesê hy raak nou te oud om te jag: "Ek wil my geweer vir jou gee." Ek het daaraan gedink toe ek 'n klein seuntjie was, hoe, as ek ooit gedink het ek sou 'n geweer soos daardie besit, o, goeiste, wat sou dit nie wees nie. En nou, ek dink maar net, hang daar aan my muur, goeie gewere, plekke om te gaan jag.

266 Ek onthou hoe ons uitgaan, en die kêrels sou roomyshoring koop. En soms het party van hulle 'n ekstra nikkel gehad, en sou vir my ook een koop. Goeiste, ek kon nie weer vir hulle een koop nie. Ek het gedink: "As ek . . . "

267 En hulle het somtyds hierdie ou, wat ons noem "mudlark hamburgers," gekoop. Weet nie of julle almal onthou of nie, maar party van julle ouer mense . . . Jy kry dit vir 'n nikkel, 'n hele klomp gebraaide uie daarby. O, ek hou van daardie goed. 'n Klein kindjie het ons nie gehad . . . Net mieliebrood en molasse (julle weet hoe dit is) om te eet.

268 Nou, iemand sou vir my een van daardie hamburgers koop, en man, ek het my vingers afgelek waar ek dit vasgehou het. Dit was—dit was . . . smaak so lekker. En ek het gedink: "Jong, daardie man, as ek net vir hom 'n hamburger kan koop." En nou, kan ek vir 'n kerk hulle aandete koop.

269 Ek onthou al daardie dinge, en waar het dit vandaan gekom? Die genade van God, niks wat ek gedoen het nie.

270 Ek onthou hoe ek hier in die straat afgegaan het en ek het met iemand gepraat. My vader, julle weet dit almal, hy het gedrink; hy het whiskey gemaak. En dit . . . niemand het enigiets met my te doen gehad nie. Ek sou in die straat afgaan en met mense

probeer praat; ek ontmoet daardie mense steeds vandag. Probeer met iemand praat, as daar niemand anders is om mee te praat nie, sal hulle staan: “Ja, uh-huh.” Sien? Ek was ’n Branham.

271 So, ek sou regtig sleg voel, en omdraai, en wegstap. Ek het gedink: “Ek is nie daaraan skuldig nie. Ek het nie gedoen wat my pa het nie. Ek het nooit in my lewe gedrink nie. Waarom moet ek dit verdra?” En ek het vir my vrou gesê hier nie lank gelede nie: “Ek moet byna uit die dorp uit wegbly.” God was vir my goed gewees.

272 Ek het gedink daar oorkant waar hy vir Natan gesê het wat eenmaal daar gesit het. Natan . . . Dawid het gesê: “Is dit reg vir my om in ’n huis van seder te woon en die ark van my God daar bedek onder ’n tent.” Hy . . .

Natan, die profeet, het gesê: “Dawid, doen alles wat in jou hart is, want God is met jou.” Die profeet het ’n fout gemaak, nie opsetlik nie.

Daardie nag het die Here na die profeet toe gekom, gesê: “Gaan sê vir my dienskneg Dawid: ‘Ek het hom uit daardie skaapkraal uitgehaal, het daardie paar skape daar opgepas; en Ek het hom ’n naam gegee soos groot manne wat op die aarde is. (Nooit gesê Hy het hom die grootste naam gegee nie, Hy het hom net naam gegee soos groot manne wat op die aarde was.) Ek het al hierdie dinge vir jou gedoen, Dawid. Ek het jou vyande neergefel waar jy ook al gegaan het. Ek was langs jou. Ek het jou nooit gefaal nie, en Ek sal jou nie faal nie. Maar Ek kan jou nie die stad laat bou nie.’”

273 Ek het daaraan gedink, van ’n punt nou waar God my gehelp het en my groot manne laat ken het, my die wêreld om laat gaan het. En mense van oor die wêreld wat bel om vir hulle te kom bid, en siek mense, en wil ’n paar minute by jou hê, waar hulle, net ’n paar jaar gelede, nie eens wou draai . . . hulle hulle kop sou draai om my op straat te sien. En nou, baat die sakemanne by al die mense wat ek in die stad inbring en hier het, deur hulle kos en hulle motelrekeninge, en sulke dinge, het . . . gaan na die motels en rond in die stad en sulke dinge.

274 Mense wat . . . Mense het my glad nie liefgehad nie; niemand kon my vir enige nut aanwend nie. En nou, deur die hulp van God, glo ek dat ek die Bruid van Jesus Christus lei. O. “Genade onbeskryflik groot, hoe soet die klank.”

275 Waar het dit vandaan gekom? My geleerdheid? Ek het geen. Waar het dit vandaan gekom? My persoonlikheid? Ek het geen. Het dit gekom van my kennis van teologie? Ek ken geen. Waarop het dit neergekom? Die genade van God wat my gered het.

> Genade het my hart leer vrees,
> Maar weer van vrees bevry;

Hoe gelukkig het daardie genade geblyk te wees,
Toe ek eers geglo het.

Deur baie gevare, werke, en strikke,
Het ek alreeds gekom;
Genade het my dusver deurgedra,
Genade sal my huis toe neem.

En was ons in dié Stad tienduisend jaar,
Wat helderder is as die son;
Sal ons nie minder tyd hê om Sy lof te besing,
As toe ons eers begin het nie.

O, hoe lief het ek Jesus nie, daardie pragtige Naam wat my gered het toe ek 'n—'n sondaar was, wat my genees het toe ek siek was, wat my die belofte gee van 'n tuiste in daardie Stad. Ek het 'n huis in daardie Rots. Niks anders maak nou saak, as om net al God se kinders bymekaar te kry en te sê: "Laat ons gaan," nie. Die uur, die middernag slaan; dis later as wat ons dink. Kom ons bid.

276 Here Jesus, die afsluit van 'n volmaakte dag . . . Soos ons sou staan op die bergtop en die son dophou, wanneer die rooi strepe opkom oor die groot westelike berge in die verte, wanneer die groot oog homself toemaak, die voëls hulle pad na die nes begin vind, word dit nag. Ons het nog 'n groot Geestelike dag beleef wat die Heilige Gees ons gehelp het om hierdie vrae te beantwoord. Nou, gaan ons na ons nes toe, Here. Sorg vir ons; moenie dat iets ons tref nie, Here. Bewaar ons van die slange van die nag en die bose. Mag God te alle tyd naby ons wees, ons beskerm en ons help.

277 Ek bid, Hemelse Vader, dat U ieder en elk sal seën wat in die diens was, hulle wat nie kon wees nie, almal wat die bande hoor. Mag die vrae nie te sterk wees nie. En as ek 'n fout gemaak het, Here, U ken my hart; ek het dit nie bedoel nie. Ek bid, God, as daar enigiets verkeerd is, dat U dit nooit, ooit sal laat voortgaan nie; mag die band stop. Moenie dat ek enigiemand mislei nie, Here. Laat my U troue dienskneg wees, want dit is my hele hartsbegeerte. Of ek lewe of sterwe, of ek vertoef óf of ek voortgaan, of ek slaap óf of ek wakker is wanneer Hy kom, dit maak nie vir my saak nie, Vader, U wil geskied. "Want ek weet dat my Verlosser leef, en op die laaste dae sal Hy op hierdie aarde staan. En al is dit nadat die velwurms hierdie liggaam vernietig het, tog sal ek in my vlees vir God sien." Dit was die profeet Job toe hy die koms van die Here gesien het.

278 En, Here, vandag as U dienaars, kyk ons vooruit en sien U koms. So dit maak nie vir ons saak, Here, wanneer, hoe, waar nie. Ons wil net vir U behaag. Ons is in U hande. Bewaar ons, Here, totdat die son op is. Skenk dit, en dan sal ons almal voortmarsjeer na Sion waar daardie Stad is waar die Lam die Lig is.

279 My liewe kindertjies hier, Here, wat ek vir U verwek het deur die bande van die Bybel, hulle is die vrugte van hierdie Woord. Hulle het my lief, en ek het hulle lief. En ek weet dat U ons almal liefhet. Ons bid, God, dat U ons so sal deurdrenk met U Woord, dat ons Hom alleen kan sien. Skenk dit, Here. Mag ons so vol wees van Sy Woord, dat die Gees ons oral op enige plek, kan gebruik om enige Woord te manifesteer wat Hy belowe het. Skenk dit aan ons almal. Hier op hierdie gehoor hier hierdie . . .

280 My Broer Jackson keer nou terug, daar ver na Suid-Afrika toe. Gaan met hom en sy vrou; wees met hulle, Here. Lei hulle op hulle reis.

281 Hier's Broer Lee Vayle aan die skryf, skryf elke woord wat ek sê neer, om die boek te probeer maak. O, God, help vir Broer Vayle en Suster Vayle.

282 Hier's hierdie broers van onder in—in Arkansas, en—en die Martin broers, en—en al hierdie ander broers. Ek bid dat U met ieder en elk van hulle sal wees.

283 Wees met Broer Neville, Broer Capps, Broer Ruddell, Broer Jackson, almal. O, God, daar's soveel. Hulle het gekom vanaf Georgia, vanaf Alabama, en van regoor die staat en om die wêreld. Ons dink aan die lied:

> O, hulle kom vanuit Oos en Wes;
> Hulle kom van die lande ver;
> Ons Koning se fees,
> Sy Gaste te wees, (Hy't hulle genooi om deelgenote van Homself te wees.)
> Geseënde pelgrims voorwaar.
> Aanskou nou Sy heilige gesig,
> Verlig met goddelikke liefde;
> Geseënde genade deelgenoot,
> As juwele in Sy kroon te blink.

284 O, God, mag ons so skitter soos juwele in Sy kroon, dat ander kan sien en verlang om Hom te dien. Skenk dit, Here. Beskerm hulle langs die pad. Seën elkeen.

285 En Vader, op U bestemde tyd . . . Ek is U dienskneg. As U wil hê ek moet hiermee voortgaan volgende week of daardie onderhoude neem, openbaar dit aan my, Here, en laat my weet tussen nou en Woensdag sodat ons kan verstaan. Skenk dit, Vader, sodat die mense kan kom. En ek bid om hierdie seëning dat U ons sal help en—en weer met ons sal ontmoet hier by ons volgende byeenkomstyd.

286 Wees met Broer Neville en hierdie manne wat die Woord bring daar ver in Texas, en daar in Arkansas, en verskillende plekke; wees net met hulle, Vader. Broer Pearry Green en die hele groep daar, en wees net met hulle almal, Here; hulle is U kindertjies. Oral oor die wêreld wag hulle op U koms. Help ons,

Vader bid ons, soos ons onsself aan U toewy. In Jesus' Naam, gebruik ons. Amen.

287 Ek hou van daardie lied: *Hulle Kom Van die Ooste en Weste*. Hoeveel ken dit? Ek weet nie of ek dit ken nie, maar ek dink ek ken 'n vers. Jy kan dit dalk optel, Suster. Ek weet nie of hulle dit kan kry nie.

O, hul kom vanuit Oos en Wes;
Hulle kom van die lande ver,
Ons Koning se fees,
Sy gaste te wees,
Geseënde pelgrims voorwaar.
O, aanskou nou Sy heilige gesig,
Verlig met goddelikke liefde;
Geseënde genade deelgenoot,
As juwele in Sy kroon te blink.

O, Jesus sal spoedig kom;
Dan is ons beproewing oor.
O, sê maar ons Heer kom hierdie oomblik
Na dié reeds van sonde vry.
O, sal dit jou vreugde bring,
Of keer dit berou terug?
As die Heer in Glorie kom,
Ontmoet ons Hom in die lug. (Hou julle daarvan? Kom ons probeer dit weer.)

O, hulle sal kom vanuit Oos en Wes;
Hulle kom van die lande ver,
Ons Koning se fees,
Sy gaste te wees,
Geseënde pelgrims voorwaar.
Aanskou nou Sy heilige gesig,
Verlig met goddelikke liefde;
O, geseënde genade deelgenoot,
As juwele in Sy kroon te blink.

O, Jesus sal spoedig kom;
Dan is ons beproewing oor.
O, sê maar ons Heer kom hierdie oomblik
Na dié reeds van sonde vry.
O, sal dit jou vreugde bring,
Of keer dit berou terug?
As ons Heer in Glorie kom,
Ontmoet ons Hom in die lug. (Hoeveel wil Hom daarbo ontmoet? O, goeiste!)

O, Jesus sal spoedig kom; (Maak net jou oë toe en verbeel jou jy hoor die basuin weerklink.)
Dan is ons beproewing oor.

O, sê maar ons Heer kom hierdie oomblik
Na dié reeds van sonde vry.
O, sal dit jou vreugde bring,
Of keer dit berou terug?
As ons Heer in Glorie kom,
Ontmoet ons Hom in die lug. (Hou julle daarvan?)

288 Pat, hou goeie moed! Die dag gaan vir jou breek een van hierdie oggende. Ek het nie gesien presies waar dit heengegaan het nie, maar dit het goed gelyk. Amen! Jy't 'n lang tyd, broer, dit sal terugkom. En soos brood op die water sal na jou terugkeer eendag. Dis reg. Goed.

O, het julle Hom lief?

My geloof kyk op na U,
U Lam van Gólgota,
O, goddelike Verlosser!
Hoor my nou wyl ek bid,
Neem al my skulde weg,
Of laat my ooit afdwaal van U af weg.

Wyl ek lewens donker doolhof bewandel,
En droefheid om my versprei,
Wees U my gids,
Keer duisternis na dag,
Vee droefheidsvrese weg,
O, laat my van vandag, geheel Uwe wees! (Hou julle nie daarvan nie?)

My geloof kyk op na U,
U Lam van Gólgota,
O, goddelike Verlosser!
Hoor my nou wyl ek bid,
Neem al my skulde weg;
Of laat my ooit afdwaal van U af weg.

Geseënd sy die band wat (O, goeiste!)
Ons harte in Christenliefde bind;
Die gemeenskap van geesgenote
Is soos dié van bo.

Voor ons Vader se troon byeen
Bid ons soos uit een hart;
Ons vrees, ons hoop, ons doel is een,
Ons vertroosting en ons smart.

Maar as ons uitmekaar uit gaan,
Bring dit ons innerlike pyn;
Maar ons sal steeds in ons hart bymekaar wees,
En hoop om weer te ontmoet.

289 Suster Wilson, onthou jy omtrent drie-en-dertig of vyf-en-dertig jaar gelede in 'n klein huisdiensie het ons mekaar se hande

gehou? Ek het geweet jy onthou dit. O, laat ons nou sommer uitreik en iemand aan die hand vat.

Geseënd sy die band wat
Ons harte in Christenliefde bind;
Die gemeenskap van geesgenote
Is soos dié van bo.

Voor ons Vader se troon byeen
Bid ons soos uit een hart;
Ons vrees, ons hoop, ons doel is een,
Ons vertroosting en ons smart.

As ons uitmekaar uit gaan,
Bring dit ons innerlike pyn;
Maar ons sal steeds in ons hart bymekaar wees,
En hoop om weer te ontmoet.

Het julle mekaar lief? Klein kindertjies, julle moet mekaar liefhê.

Weer ontmoet, weer ontmoet,
Weer ontmoet aan Jesus' voet;
Weer ontmoet, weer ontmoet,
God sy met jou tot ons weer ontmoet.

290 Het julle Hom lief? Is Hy nie wonderbaar? Het julle mekaar lief? Reik om, sê iets vir mekaar. Sê: "God seën jou, broer. Seën jou, suster."

291 Hulle luister vanaand na ons oorkant die rivier daar anderkant, Suster Wilson. Ek kan ou Broer Seward oor die vloer sien stap, sy hande sien klap. Ek het ons broer daaragter, met die baard op sy gesig, sy hande sien oplig, God sien prys; ek het aan Broer Ryan gedink, hoe hy altyd reg daarlangs gesit het in die ou tabernakel met sy baard ook so lank soos dit. Hy luister vanaand oorkant die poorte van Heerlikheid, 'n liewe ou heilige. Is Hy nie wonderbaar?

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van weë;
Dit bring troos en vreugde vir jou,
O, neem dit oral met jou mee.

Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd,
Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Nou, neem jy die Naam van Jesus met jou. (Waarvoor?)
As 'n skild teen elke strik. (Wat gebeur?)
As versoekings om jou saamtrek,
Roep die heil'ge naam in gebed.

Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en . . .

O, Jesus, help hulle, is my gebed. . .?. . .Genees hulle, Here, in Jesus. . .?. . .is hierdie ook joune. . .?. . .

Aardse hoop en Hemelvreugd.

Dit jou dogtertjie? Sy's oulik.

292 Vir die onderhoude: Billy het gesê vind by hom uit tussen nou en Woensdag vir onderhoude of van Woensdag af tot Saterdag vir die komende onderhoude, of. . .As ons nie die byeenkomste na Woensdag het nie, vind by hom uit, julle wat onderhoude het. Sommige van julle, hy weet nie hoe om julle in die hande te kry nie. So hy sal. . .Almal wat nou die onderhoude wil hê, vind by Billy uit.

293 Het julle Hom lief? Goed. Nou, tot ons ontmoet, God seën julle. Ons wil ons hoofde buig; en ek gaan my goeie, lojale vriend vra, wat nou oorsee gaan, tot daar ver onder in Afrika, waar ek eenkeer sendingwerk gedoen het daar in die Naam van die Here, Broer Sidney Jackson, hy en sy vrou. . .Ons was baie gelukkig om hulle by ons te hê vir hierdie laaste paar dienste. Hoe het God hom nie geseën nie. En ek gaan vir Broer Sidney Jackson vra of hy hierdie gehoor sal verdaag in gebed. Broer Jackson, as jy sal.

*Vrae en Antwoorde* AFR64-0823E
(Questions and Answers)
Gedrag, Orde En Doktrine Van Die Kerk reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 23 Augustus 1964 by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org